


**DIE MISDAAD-EPIDEMIE
DIE HOEKOMS, HOE'S EN HOEVEELS**

Vrye Weekblad

26 FEBRUARIE - 4 MAART 1993 R3,00 (BTW INGESLUIT)



Die stryd om St Lucia

Tyd om kant te kies

- Die Broer in die NP-drinkwater
- Hoe lank gaan ons nog apartheid blameer?
- Die binnewerkinge van Inkatha
- David en Taliep: Daai's die move
- Todd Matshikiza's son is back and means business

INHOUD N^o 211

26 Feb - 4 Maart 1993

Voorbladfoto deur SALLY SHORKEND

9 - 12 Dis tyd om kant te kies. Aan die een kant staan die mynmaatskappy Richards Bay Minerals, aan die ander kant die omgewingsbewaarders en Groenes onder die vaandel van die Stryd om St Lucia, en tussen dié twee lê die ongerepte duine van dié unieke meer-ekosisteem

17 & 18 Volgens statistiek het Suid-Afrika tans die hoogste moord- en verkragtingsyfers ter wêreld, en die algemene gevoel is dat die geweld besig is om buite beheer te raak en dat niemand nêrens meer veilig is nie. **PEARLIE JOUBERT** het gaan uitvind of dit wel die geval is

28 & 29 Amanda Luyt, bekend as Afrikaanse sanger en die aanbieder van *Teletreffers* en *Op Versoek*, en haar man, Harold Schenk, het pas 'n Afrikaanse popgroep gestig genaamd ye-ye. **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN** gesels met haar en ontdek 'n ander mens ágter dié openbare beeld van 'n effe preutse, maar tog sexy-rige Boeredogter

30 & 31 Daai's die move... Standing ovations since the previews and laughs in very different places, *Fairyland* has been welcomed to Jo'burg. The creators of the nostalgic look at the musical culture of District Six, David Kramer and Taliep Petersen, opened their show at the Market theatre this week. **CHARL BLIGNAUT** spoke to the pair that gave us *District Six*, *Poison* and now *Fairyland*

VAN DIE REDAKTEUR SE LESSENAAR

WVB ondersteun geen politieke party of drukgroep nie - dit sê ons al lankal. Maar dié week kom die redaksie met 'n spesiale beroep op lesers om die argumente om die toekoms van die oosewer van die St Luciameer deeglik onder oë te neem. As lesers met ons saamstem dat dit katastrofaal gaan wees as mynbedrywighede in die duine toegelaat word, moet hulle iets daaraan doen as burgers en kiesers. Ons het in samewerking met die veldtog Stryd om St Lucia 'n poskaart by dié uitgawe ingesluit wat lesers kan invul en aanstuur vir die aandag van Staatspresident FW de Klerk. As die poskaart in jou uitgawe dalk uitgeval het, bel ons gerus en ons stuur een gratis aan.

OUR NEW WEEKLY CARTOON...



AKTUEEL

4 - 7 DIÉ WEEK
13 DIE BAL IS NOU IN
BUTHELEZI SE BAAN
16 ONKUNDE KAN VERKIESING
KELDER

WÊRELD/WORLD

19 KING TAKES A FALL
21 ON THE FRONTLINE OF
INVESTIGATIVE JOURNALISM

SPORT

22 SOUTH AFRICA'S REAL
RETURN TO THE INTERNATIONAL
CRICKET STAGE

RUBRIEKE & MENINGS

3 VRYDAGOGGEND SAAM
MET MAX DU PREEZ
14 BRIEWE VAN ONS LESERS
15 BROLLOKS
20 WHAT'S IN A NAME? PRIDE!
32 NETTIE PIKEUR EN
PLANT 'N BOOM
33 KLIPPOOG OOR DIÉ WEEK SE TV

BOEKE & FIKSIE

26 IS THERE REALITY - OR IS THERE
ONLY TV?
27 VAN NIEKERK STEL 'N STRIK VIR
DIE LEWE

KUNS EN VERMAAK

23 JOHN MATSHIKIZA'S NEW BROOM
SWEEPS CLEAN
24 & 25 JOHANNES BRUWER OOR
GEOFFREY ARMSTRONG SE BEELDE
34 RESENSIE VAN FAIRYLAND
35 HOOGTEPUNTE ONDER DIE
DANSSAMBREEL
36 ROMAN POLANSKI SE
BITTER MOON BEGIN DRAAI
37 THE LAST OF THE MOHICANS
STEL TELEUR

GIDSE

38 & 39 WATTER MOVIE WYS WAAR
40 VRYE KEUSE

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike nuustydskrif wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. No. 88/40168/06).

WENDING PUBLIKASIES BEPERK EN VRYE WEEKBLAD SE ADRES IS:
Breestraat 153, Newtown, Johannesburg.
POSADRES: Posbus 177, Newtown 2113.
TELEFOON: (011) 836-2151
FAKS: 838-5901

PRETORIA-KANTOOR (012) 83-4879

REDAKTEUR: Max du Preez
ASSISTENT-REDAKTEURS: Andrea Vinassa (Kuns), Ina van der Linde
POLITIEKE KORRESPONDENT: Hennie Serfontein
SUB-REDAKTEUR: Rijk Hattingh
KOPIEREDAKTEUR: Johannes Bruwer
ONTWERP: Anton Sassenberg
VERSLAGGEWERS: Christelle Terreblanche, Pearlle Joubert, Esma Anderson,
Wally Mbhele, Charl Blignaut, Christi van der Westhuizen, Virginia Keppler
ONGEWINGSKONSULTANT: Tienie du Plessis
REDAKSIE-ASSISTENT: Nicolette Viljoen
FOTOREDAKTEUR: Sally Shorkend

FINANSIËLE BESTUURDER: Mark Beare
BESTUURDER (BEMARKING): Lillie van der Walt

KANTOOR-ASSISTENTE: Joseph Moetaesi, Vernon Zulu

so sê hulle

"Ek besing die sterre en die skoonheid van die vrou. Niemand kan dit só besing soos ek nie - vra maar vir Helena (Malan, sy vriendin)."
PIET SKIET RUDOLPH wat nou sy lyf digter hou en 'n uitgewer vir sy eerste digbundel soek, maar nie een kan kry nie

"Sure there is a war, but I'm going to the beach."
A senior general in Angola traveling from Luanda to the resort city of Huambo, a favourite hangout of the country's government officials


"Die nuwe bruin lede en die enkele Indiër-lid is getalsgewys klaarbyklik in die minderheid en swartmense skitter in hul afwesigheid. As die NP steun wil werf in die swart gemeenskap moet hy dit op ander maniere doen as deur aanstellings in die Kabinet."
PROF DEON GELDENHUYS van die departement Politieke Studies aan die RAU oor FW de Klerk se kabinetverskuiwings

"As Karl Marx en die engel Gabriël in die plek van dr Bhadra Ranchod en Jac Rabie aangestel was, sou die verandering nog meer irrelevant gewees het."
MARK SHINNERS, woordvoerder van die PAC, oor pres FW de Klerk se verandering van die parlement wat volgens hulle van geen waarde is nie en die swartmense beledig

"I've left instructions that I do not want to be brought back during a Republican administration."
TIMOTHY LEARY, the former psychedelic Harvard professor and 1960s drug guru, who has arranged to have his brain frozen after death

"Heel eerste is ek Frank. Dis my naam. Ek. Tweede is ek Mdalose. Mdalose soos in Buthelezi en Khumalo en Zwelethini. Zoeloes. En dan kom Suid-Afrika, en dan kom Afrika."
DR FRANK MDALOSE, voorsitter van die Inkatha Vryheidsparty se onderhandelingspan, op 'n vraag of hy in die eerste plek 'n Zoeloe of 'n Suid-Afrikaner is

"The only people who don't escape from our jail are those who don't want to."
AMERICO CARNEIRO PAES, Brazilian jail official after the killers of environmental activist Fransisco (Chico) Mendes escaped from a lightly guarded jail



Orin Scott in Beeld

het jy geweet?

Die eerste verkeersligte is in 1868 aan Parliament Square in Londen opgerig. Hulle het rooi en groen gaslampe gehad en met meganiese hefboome gewerk. Hulle is net snags aangesteek en dit was nie 'n wetsoortreding as jy hulle verontagsaam het nie.

Die eerste parkeermeters is op 19 Julie 1935 in die middestad van Oklahoma City in Oklahoma in die VSA in gebruik geneem - 'n uitvindsel van die Amerikaner Carl C Magee.



vrydagoggend MET MAX DU PREEZ

Ons moet ophou slagoffers wees

DIE nuwe vlag van anargie in die Randse township-skole en die skrikwekkende vlag misdaad die laaste tyd het 'n siekte uitgewys wat ons nog duur te staan gaan kom.

In Soweto en elders was ons dié week terug by die ou styl van klasse boikot, klippe gooi, voertuie uitbrand en onderwysers dreig. Die tienerjarige fasciste wat hulle in die naam van "bevryding" in "studente-bewegings" organiseer, blameer apartheid daarvoor dat nóg 'n swart skooljaar tot niet gaan.

Die diefstal uit oud-president Kenneth Kaunda se hotelkamer in Johannesburg laasweek en die buitelandse ANC-gaste wat op straat in dieselfde middestad beroof is, het Thabo Mbeki van die ANC se solidariteitskonferensie se verhoog af laat verklaar dit was nie "ons mense" wat vir sulke boosaardighede verantwoordelik was nie - dis apartheid se skuld.

Misdaad, soos ons elders in dié uitgawe berig, is tans een van die ernstigste bedreigings vir 'n stabiele gemeenskap en 'n gesonde ekonomie in Suid-Afrika. Heel eerste moet ons besef dit is nie 'n ras-verskynsel nie. 'n Voorbeeld: Die weghol-misdaad in Moskou vandag is die werk van spierwit mense. Dat daar meer swart kriminele as wit kriminele in Suid-Afrika is, is te verwagte - daar is sowat tien mense met donker velle vir elke wit vel in die land.

Misdaad het veral vier oorsake: armoede, werkloosheid, oneffektiewe polisiëring en 'n maklike toegang tot vuurwapens. Al vier faktore is sterk in ons gemeenskap aanwesig.

Apartheid kom hier in, ja. Apartheid is in 'n groot mate te blameer vir die kommerwekkende armoede in die swart gemeenskap, en vir die feit dat die meeste swartmense nie geskool is vir goeie werk nie. Apartheid is ook grootliks verantwoordelik vir die ghettos in elke groot township waar misdaad al dekades lank gedy, en vir die swak beeld wat die polisie in die swart gemeenskap het. Polisiemanne sukkel ook nou nog ná al die apartheidsjare om in 'n professionele polisie-kultuur eerder as 'n politieke polisie-kultuur te kom.

MAAR OM AL DIE SKULD op apartheid te pak, is opportunisties en kortsigtig. Dit beteken ons gaan nie die onderliggende oorsake in die gemeenskap vandag aanspreek nie.

Dit is nog gevaarliker in die geval van swart onderwys. Die retoriek van apartheid blameer het die laaste paar jaar gesorg dat honderdduisende jongmense nie matriek kon klaarmaak nie en vandag werkloos en gefrustreerd soos 'n tydbom sit en wag om te ontplof.

Laat ek een van die mees gerespekteerde onderwysjoernaliste, Phil Molefe van *The Star*, hieroor aanhaal: "Student leaders seem to derive pleasure in finding a new issue and then calling for a class boycott, picket, march, sit-in or, in recent days, a go-slow strike... The ugliest aspect of the deepening crisis in black education is the view held by pupils that they are doing someone a favour by going to school. Indeed, pupils have lost all perspective and no longer seem to value education as an important tool for building careers and creating a better lifestyle."

Alles in die naam van apartheid blameer. En die ANC sit tjoepstil en kyk hoe kinders hul toekoms beduiwel en ganse townships onleesbaar maak, want dit was mos apartheid se skuld.

Apartheid het nie 'n mooi geskiedenis wanneer dit kom by swart onderwys nie. Bantoe-onderwys het inderdaad die ideologiese mikpunt gehad om 'n onderklas net halfpad op te lei, en tot vandag toe is die administrasie van swart onderwys 'n groot klad op die naam van die NP-regering, al het die gehalte van onderwys intussen verbeter. Ek wil ook nie die bydrae van dapper jeugdiges geringskat wat in 1976 en daarna met groot lewensgevaar die druk op die apartheidregering toegepas het terwyl ouer swartmense meestal maar die onderdrukking verduur het nie.

Maar om in 1993 nog kinders uit die skool te hou, is kriminele waansin.

ONS KAN DIT NOU min of meer as 'n feit aanvaar dat ons oor 'n jaar of so 'n nuwe regering gaan hê wat deur die ANC oorheers gaan word. En 'n tydjie daarna gaan ons seker 'n regering kry wat net uit ANC-lede bestaan. Daarmee het ek nie 'n probleem nie. Maar wat op aarde gaan 'n swart Suid-Afrikaanse regering maak as misdaad verder toeneem en skoolkinders maak steeds amok? Nog steeds apartheid blameer?

Dit is my hele pleidooi: Ons weet apartheid was boos en het ongeken leed gebring en diep skade aan ons gemeenskappe aangerig. Maar die stryd teen apartheid is so min of meer gewonne. Met 'n klein bietjie hulp van buite het Suid-Afrikaners hulself van minderheidsoorheersing bevry. Nou vir wat moet ons dan aanhou slagoffers wees van die vyand wat ons verslaan het?

Dié slagoffer-mentaliteit gaan ons nog duur te staan kom. Want pleks dat ons daadwerklik en met energie en visie ons nuwe toekoms uitkap, staan ons verlam en sê dis die verlede se skuld.

Mobuto Sese Seko sê die wye korrupsie en onstabieliteit in Zaire is die gevolg van kolonialisme. Niemand glo hom meer nie.

Hoe lank nog gaan mense ons glo as ons verder in wanorde, armoede en konflik verval en tussen die ellende en bloed deur gereeld die refrain herhaal: Dis alles apartheid se skuld!

Die rassitiese argitekte van apartheid gaan in hul grafte glimlag as hulle sien dat apartheid beter gewerk het as wat hulle ooit kon droom: selfs nadat apartheid dood is, bly swart Suid-Afrikaners die slagoffers daarvan; bly hulle 'n sukkelende onderklas in hul eie land.



ABORSIEWET BLY

STRYDIG met die wêreldwye tendens om aborsie-wetgewing te liberaliseer en die voorstelle van die Suid-Afrikaanse Vereniging van Verloskundiges en Ginekoloë en die Vereniging van Sielkundiges van Suid-Afrika het die regering in die voorlopige Handves vir Menseregte besluit om die Wet op Aborsie en Sterilisering van 1975 onveranderd te los.

Dié wet bepaal dat vroue net onder baie spesifieke en streng omstandighede, soos byvoorbeeld verkragting of geestesversteurings, die reg tot 'n aborsie het.


Die minister van Justisie het in die parlement gesê die geldigheid van dié wet sal net voor 'n hof getoets en verander kan word - wat beteken dat die regering geen planne het om die wetgewing self te verander nie.

Die minister sê dat sy besluit om nie die wetgewing ten opsigte van die beskikbaarheid van aborsie te verander nie, berus op godsdienstige besware teen aborsie. Op watter groep van die bevolking se godsdienstige oortuiging sy besware berus, is egter nie bekend gemaak nie.

Na raming word meer as 30 000 onwettige aborsies jaarliks in Suid-Afrika gedoen.

Die Abortion Reform Action Group (Arag) het in 'n verklaring gesê vroue behoort die reg te hê om te besluit oor hul kinders wil hê of nie en behoort te kan besluit oor onbeplande swangerskappe. Arag is ten gunste van 'n handves van menseregte waarin die volgende klousule opgeneem is: "Enige reg tot lewe-klousule moet gekwalifiseer word dat dit nie vroue ontnem van 'n reg om te besluit op 'n aborsie nie."

- PEARLIE JOUBERT



"JY IS HIER" - 'n Soldaat in Manara, Israel, wys op 'n kaart waar die Amerikaanse minister van Buitelandse Sake, Warren Christopher, en sy Israelse eweknie, Shimon Peres, hulle bevind. Die voordrag handel oor die strategiese belang van die Golanhoogland.

Na 'n weeklange diplomatieke toer deur die Midde-Ooste om vredesbesprekings weer op koers te kry, is Warren Christopher nog hoopvol hoewel Palestynse onderhandelars nou eers vasskop. Die samesprekings het skipbreuk gely nadat Israel in Desember 'n groep van bykans 400 Palestyne verban het.

Die groep bevind hulle in 'n tentekamp in Libanon en is verjoug dat die hervatting van samesprekings nou gekoppel word aan hul eis dat Israel hulle toelaat om terug te keer.

'n Palestynse woordvoerder sê voorstelle wat Christopher die week aan hulle voorgelê het, sal oorweeg word. Maar samesprekings sal eers na die heilige maand van Ramadan in middel-April hervat kan word.

Israel hou nog voet by stuk dat die bannelinge Islamitiese fundamentalistiese groepe steun, wat Israeli's vermoor.



ROOK EN GENIET

JY dink die laaste woord is nou teen die rookgewoonte uitgespreek en dat jy maar moet ophou.

Maar nee. 'n Mediese dokter in Denemarke, Tage Voss, is gereed om jou motivering die nekslag toe te dien.

In sy boek, *Smoking and Common Sense, One Doctor's view*, maak Voss korte mette met al die wetenskaplike navorsing en argumente teen rook en sê sy hele familie rook al dekades sonder enige nuwe-effekte.

Onder die voordele wat rook volgens Voss inhou, is die volgende:

- Nie-rokers is meer geneig tot sekere siektes, soos Parkin-



DIE PLAKKAAT-KULTUUR GROEI

DIE nuwe kultuur van pittige plakkaat by sportbyeenkomste het met die jongste krieketreks behoorlik posgevat en gaan waarskynlik in die winter na rugby oorwaai.

Daar was selfs heelwat Afrikaanses. Soos "Hansie, haal hom uit vir 'n gansie" en "Jonty vat nie strontie". Of "Word wakker, hier kom Waqar."

Maar die meeste was in Engels. 'n Paar voorbeelde: "Waqar... The Springbok Faqar", "Pringle, you make me Tingle" en "Curtley: tall, dark and awesome".

Die twee wat seker die meeste glimlagte ontlok het, was "Hickery Dickery Dock, Curtley has a long...reach", en "We've got the Windies by the short and Curtlies".

Die meeste plakkaatswaaiers hoop natuurlik die TV-kameras sien hul skeppings raak. En heelparty was dan ook op die TV-komentators gemik. Soos: "Edwill van Aarde... of van Mars?" en "edWILL, but he can't." Of die een wat Trevor Quirk omgekrap het ("slegte digkuns" was sy kommentaar): "Roses are red, Violets are blue. Quirk is a Jerk and Martin Locke 2".

Hopelik gaan ons in die wintermaande beter vaar as "Ulli is 'n boelie" of "O wee, hier kom Robert du Preez".

- sons-siekte en diabetes;
- Rook maak 'n mens slimmer, meer doeltreffend, meer gebalanseerd en rustiger;
- Dit is 'n eetlusdemper en nie-rokers weeg in die algemeen swaarder as rokers (navorsing het nog nie bewys dat rook 'n groter gesondheidsgevaar inhou as oorgewig nie);

- Rook is nie noodwendig nadelig vir asmalyers nie;
- Hoewel rokende moeders se babas dikwels minder weeg, is dit nie noodwendig voordelig om 'n swaarder baba in die lewe te bring nie;
- Lande met die grootste per capita verbruik van sigarette, het by verre nie die hoogste voorval van longkanker nie.



REGERING EN PAC PRAAT


MET nog net 'n week voor die voorbereidende vergadering vir 'n Veelparty konferensie oor Suid-Afrika se staatkundige toekoms, gaan 'n eerste bilaterale gesprek tussen die regering en Apla ter elfder ure in Windhoek gehou word.

Apla se vermeende terreurveldtog het einde verlede jaar grondwetlike gesprekke tussen die regering en die PAC gekelder. Sowel Inkatha as die ANC is ten gunste daarvan dat die PAC en sy gewapende vleuel Apla, deel is van die komende onderhandelinge, hoewel hy nog nie geweld afgesweer het nie.

Maar die kwessie van die Apla-terreur sal heelbo aan die agenda wees wanneer Hemus Kriel, minister van Wet en Orde, die gesamentlike PAC en Apla afvaardiging Maandag ontmoet.

Die PAC self het hom verbind tot bywoning van die beplanningsvergadering by die World Trade Centre, ongeag wat Maandag se gesprek in Windhoek oplewer.

Pres Sam Nujoma van Namibia sal waarskynlik as voorsitter optree.




GWALA OORLEEF

DIE ANC se nasionale uitvoerende komitee (NEC) het misluk in sy poging om die militante leier van die Natalse Middellande, Harry Gwala, van sy mag te ontnem, maar in die proses darem daarin geslaag om sy steun vir die jongste ooreenkoms met die regering te verseker.

Die Sondagkoerant City Press sê die NEC is te bang om Gwala en sy radikale ondersteuners aan te vat. Nelson Mandela self het toe ingegryp en 'n klousule probeer toepas wat bepaal dat 'n NEC-lid nie ook 'n streeksvoorsitter mag wees nie. Gwala het vasgeskop en gesê dan bedank hy eerder uit die ANC. Mandela het toe sy poging laat vaar.

Gwala het sy aanvanklike teenkanting teen die oorgangsooreenkoms versag en verklaar dat dit "die mees praktiese plan onder die omstandighede is".



DAAR'S 'N BROER IN DIE DRINKWATER

DIT gons in die NP se parlementêre kookus oor die jongste onthullings in VWB oor die geheime Afrikaner Broederbond (AB).

Blykbaar is daar intense gesprekke aan die gang tussen sommige van die jonger LP's wat aan die AB behoort. In die lig van die feit dat vooraanstaande Afrikaners soos Flip Smit, die rektor van die Universiteit van Pretoria, en sekere sakeleiers uit die AB bedank het, is daar blykbaar sommige van hulle wat met die oog op 'n swart beheerde regering in die nabye toekoms, en ter wille van eie belang, ook uit die organisasie gaan bedank.

VWB verneem dat daar nou openlik deur nie-Broers oor die saak gepraat, gespot en die draak gesteek word met AB-lede. Slegs enkele jare gelede was so-iets ondenkbaar weens die vrees onder nie-Broers vir die wraak van die AB.

Die feit dat die regse rebelle in die kookus teen die regering se nuwe standpunt oor hoe streekregerings ingestel moet word almal lede van die AB is (sien berig elders), word blykbaar deur die nie-Broers - wat almal verlig is en FW de Klerk ondersteun - uitgebuit.

In private gesprekke met kookuslede word gewys daarop dat as 'n mens lid van die NP word, jy 'n onderneming aflê dat jy aan geen ander politieke organisasie, of organisasie met 'n politieke strekking, sal behoort nie. "Die AB is duidelik uit en uit besig met die politiek en daarom is lidmaatskap daarvan teenstrydig met lidmaatskap van die NP," word gesê.

Volgens 'n bron spreek sekere kookuslede ook hul kommer uit oor die kwessie van die geheime lidmaatskap van die AB deur die meeste lede van die kookus, en die feit dat bruin NP-lede de facto nie daaraan kan behoort nie. Dit, word gesê, is 'n faktor wat die NP in 'n komende verkiesing kan benadeel. Dit is bekend dat die ANC die saak van die AB in die bruin gemeenskap gaan uitbuit. - HENNIE SERFONTEIN

DIE SKIP SINK EN DIE RANDE ROL

SOOS die Titanic van die Nasionale Party-regering al dieper in die water sink op pad na 'n oorgangsregering, só word die prentjie van grootskepe wanadministrasie en geldvermorsing al duideliker.

Die Ouditeur-generaal sê in 'n verslag die Suid-Afrikaanse belastingbetaler sal moet opdok vir die tuislande se skuld van R3 biljoen, en kritiseer die gebrek aan finansiële beheer wat Pretoria uitoefen oor die sowat R12 biljoen wat die tuislande elke jaar van die Suid-Afrikaanse belastingbetaler kry.

Dit kom ook uit dat minstens 28 ministers en adjunk-ministers laasjaar meer as R3 miljoen gekry het vir die gebruik van hul eie huise - en dit terwyl baie staathuise vir ministers leeggestaan het. Teen die gemiddelde van sowat R80 000 wat uitgedeel is - Handel en Nywerheid minister David Graaff het in 1992 R112 054,97 ná belasting gekry - kon ministers hul huise binne twee of drie jaar heeltemal afbetaal.

HEYNS VERDEDIG BROERS

'N VURIGE verdediging van die geheime Afrikaner Broederbond deur Johan Heyns, Assessor van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), tydens die bespreking verlede week in Bloemfontein tussen die vier lede van die NG familie, mag meebring dat die aansoek van die NG kerk volgende week om hertoelating tot die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke (WBGK), afgewys word.

Heyns het glo sy lidmaatskap van die AB heftig verdedig en gesê dat die vergadering moet besef dat as dit nie vir die AB was nie, daar nooit 'n 2 Februarie 1990 sou gewees het nie.

Volgens Heyns het die AB 'n deurslaggewende rol gespeel om die verandering voor en na 2 Februarie moontlik te maak.

Heyns het gepraat na 'n aantal toesprake van veral lede van die NGKA waarin die volgehoue lidmaatskap van NG predikante van die AB as 'n belangrike struikelblok in die onderhandelinge oor kerkeenheid genoem is.



Waaroor die lede van die bruin en swart kerke veral verbysterd was, is die openlike erkenning van Heyns oor hoe diep die AB by die politiek betrokke is.

Tot dusver is altyd ter verdediging van die AB gesê dat dit 'n suiwer kulturele organisasie is, wat met die politiek as sulks niks te make het nie. Nou blyk dit volgens Heyns dat die AB letterlik vir alles wat aan Regeringskant in die politiek oor die jare gebeur het, verantwoordelik is.

"Dit beteken ook dat NG kerkleiers soos Heyns en andere wat op die UR en ander liggamme van die AB dien of gedien het, self kniediep in die politiek betrokke is", sê 'n vooraanstaande leier van die NGKA aan VWB. - HENNIE SERFONTEIN

NET 'N PAAR KOMMUNISTE

DAAR gaan net 'n paar lede van die SA Kommunisteparty op die lys van ANC-kandidate in die eerste algemene verkiesing wees.

Nelson Mandela se onlangse uitlating teenoor David Frost dat die SAKP 'n klein organisasie is en die aantal kommuniste op die ANC-kandidate lys ooreenkomstig hul ledetal sal wees, is volgens ANC-bronne berekend gedoen.

Blykbaar besef Mandela en ander top ANC-leiers dat in baie kringe, veral in die bruin en die meer konserwatiewe swart gemeenskappe, die alliansie met die SAKP 'n nadeel is wat die ANC beslis stemme in die komende verkiesing gaan kos.

Dit is opvallend dat terwyl veral Mandela in die afgelope jaar dit voortdurend beklemtoon dat die alliansie slegs tot die eerste algemene verkiesing sal geld, dat SAKP-leiers blykbaar in reaksie daarop die teendeel beklemtoon. Hulle sê dat die alliansie sal moet voortduur totdat die strukture van apartheid finaal afgeskaf is.

Intussen het die SAKP sy steun uitgespreek vir die voorgestelde Tussentydse Regering van Nasionale Eenheid waarop in onderhandelinge tussen die ANC en regering ooreengekom is. Volgens die sentrale komitee, wat die naweek vergader het, skiet die voorstel nog tekort aan sy ideaal vir 'n volle meerderheidsregering bedeling. Maar hy glo dat dit 'n kompromie verteenwoordig wat die weg kan baan vir 'n proses van volle magsoordrag aan die mense. - HENNIE SERFONTEIN


SEKS WEER GEWILD IN AMERIKA

AMERIKANERS het blykbaar klaar geskrik vir Aids en het hul "tweede seksuele revolusie" betree. Onlangse navorsing wys dat die Aids-skok verby is en dat Amerikaners nou meer seks het as drie jaar gelede.

Die Janus-verslag op Seksuele Patrone wys dat Amerikaners selibaat gelewe het vir 'n tyd lank weens die vrees vir Aids, maar dat soveel as 80 persent van diegene wat aan die navoring deelgeneem het, terug is by hul ou seks-patrone omdat hulle glo dat Aids 'n siekte is "van die armes en die homoseksuele-gemeenskap".

Die verslag wys verder:

- * 62 persent mans en vroue tussen die ouderdom 18 en 26 jaar oud, het meer seks as drie jaar gelede;
 - * 48 persent ongetroude mans en 45 persent ongetroude vroue het seksueel meer aktief geraak toe honderde duisende mense dood aan Aids is;
 - * mense in hul 50's, 60's en 70's het meer seks as vroeër en mense ouer as 65 het net soveel, en in sommige gevalle meer seks as mense tussen 18 en 26 jaar;
 - * vir diegene wat hulself as "ultra-konserwatief" beskryf, is sadomasogistiese seks meer aanvaarbaar as vir diegene wat hulself as "onafhanklik" of liberaal beskryf;
 - * 18 persent seuns en ses persent dogters het seks op die ouderdom van 14 jaar en meer en meer kinders tussen 10 en 12 jaar het volledige seksuele verhoudinge;
 - * vroue met die hoogste kwalifikasies het die meeste seksmaats en ook die meeste seks voor hulle trou.
- Die verslag het houdings jeens seks in die 1980s en vroeë '90s getoets en is oor 'n tydperk van nege jaar gedoen met 8 000 mense tussen die ouderdom 18 en 80.



'N OOG VIR 'N OOG

BRITTE wil nie meer die ander wang draai nie. Hulle eis nou 'n oog vir 'n oog.

Strenger optrede teen jeugmisdadigers is Brittanje se voorland na die dood van die tweëjarige Jamie Bulger in Liverpool.

"Die gemeenskap behoort 'n bietjie meer te veroordeel en minder te verstaan," het die Britse eerste minister, John Major, aan die land se geskokte en verslae kieserskorps gesê. Dit volg nadat twee video-kameras duidelik uitgewys het dat die kleuter deur twee tienjarige seuns ontvoer is en na 'n spoorlyn gelei is. Bulger se liggaam is later op die treinspoor aangetref. Hy is klaarblyklik erg geslaan voordat 'n trein oor hom gery het. Op die foto keer 'n polisieman 'n omstander om 'n klip te gooi na die vangwa waarin die twee kinders is.

Brittanje se 55 miljoen inwoners besef nou hoe gevaarlik hul land geword het, hoewel hy steeds een van die laagste misdaadsyfers ter wêreld het.

Intussen het 'n ondersoek na jeugmisdadigheid deur die Sunday Times in Londen skokkende voorvalle van jeugmisdadigheid aan die lig gebring. Dit sluit in getuienis oor 'n agtjarige motordief in Newcastle, 'n tienerbende van ses wat al 55 misdade soos inbrake, geweldadige rusversteuring en motordiefstal gepleeg het.

SAVIMBI IS HIER, SÊ CRONIN

"AS Suid-Afrika dan niks het om weg te steek nie, hoekom gee hy nie gehoor aan oproepe dat internasionale monitortoegang kry tot sy radarkommunikasiesistelsels in Noord-Transvaal nie?," sê Jeremy Cronin, lid van die SAKP se Sentrale Komitee.

Die komitee het na afloop van sy vergadering die naweek opnuut beweer dat die leier van die Unita-beweging, Jonas Savimbi, in Suid-Afrika skuil, en dat Safair nagvlugte van Mmabatho in Bophuthatswana na Suid-Angola en die suidweste van Zaïre onderneem.

Cronin sê die party het van Westerse diplomate verneem dat Savimbi vroeër dié week nog in Noord-Transvaal was as gas van 'n Suid-Afrikaanse staatsdepartement.

Die departement van Buitelandse Sake, wat in die verlede noue bande met Savimbi had, het ontken dat hy van Savimbi se teenwoordigheid hier bewus is.

Buitelandse Sake het ook ontken dat die nagvlugte met Antonov-vliegtuie uit Mmabatho onderneem word, omdat die lugmag of regering nie sulke vlugte het nie. Cronin sê die vliegtuie word gehuur.

Volgens hom het die SAKP goeie rede om te glo dat die regering steeds hulp aan Unita verleen. Cronin gaan so ver om te sê dat die mislukking van Kodesa II deels daaraan te wyte was.

"Indien diit geslaag het, sou die SAW teen September, toe die Angolese verkiesing plaasgevind het, reeds onder veelparty beheer gewees het."

Nou beoog die SAKP etensuur-betogings teen die vermeende Suid-Afrikaanse betrokkenheid, asook die moontlikheid om menslike hulpverlening aan die inwoners van Angola te verleen. - CHRISTELLE TERREBLANCHE

MATIES SOEK BLOED

"TUSSENDEUR die beskuldigings is ons heeltyd rondgestamp en geslaan en aangerand. Ons is geslaan en gestamp en agter die kop en op die ore geklap, maar altyd so dat dit nie merke laat nie.

"Dit terwyl die ander mense in die vertrek net heeltyd, bloed, bloed, bloed, bloed sê."

Nee, dié keer was dit nie die polisie nie. Dié uittreksel is uit 'n verklaring van 'n eerstejaarstudent wat met ernstige sielkundige letsels van sy eerste week op kampus daarvan afgekomp het.

Tien jaar nadat dopery op die kampus van die Universiteit van Stellenbosch verbied is, word daar nou vir die soveelste keer ondersoek ingestel na ontgroeningswanpraktyke. Die rektor van US, Mike de Vries, het ondemeem om 'n amptenaar vir die doel aan te stel.

Dit volg nadat die kampuskoerant, Die Matie, berig het oor voorvalle van gewelddadige ontgroenery wat met die aanvang van dié akademiese jaar plaasgevind het. VWB is in besit van verklarings deur eerstejaarstudente in dié verband. Die wanpraktyke vind glo veral aan twee manskoshuise plaas.

Die ondersoekbeampte sal nou inligting insamel en aan die universiteit se sentrale dissiplinêre komitee voorlê. - CHRISTELLE TERREBLANCHE

NP TWIS OOR STREKE

DAAR is kwaai weerstand van 'n groepie onbuigsame, veral blanke LP's in die NP se parlementêre kous, omdat die regering sy standpunt oor die kwessie van streke en streekregerings sedert Kodesa II aangepas het ten einde 'n kompromie met die ANC daarvoor te bereik.

Volgens NP-bronne sluit die belhamels in dié opstand 'n aantal senior LP's in waaronder die volgende: Johan Swane-poel (Bloemfontein-Oos), Frik van Heerden (Bloemfontein-Wes), Andries Oosthuizen (Alberton), 'n voormalige minister Gert Kotze (Malmesbury), Machiel Malherbe (Wellington) en Piet Steyn (Winburg).

Saam met hulle is ook 'n aantal Natalse LP's wat bitter ontevrede is omdat die kompromie oor streekregerings met die ANC een van die redes vir die verslegting in die verhoudinge tussen die regering en Mangosuthu Buthelezi is.

Kousbronne sê openlik hulle glo dat Hemus Kriel, die minister van Wet en Orde, en Tertius Delport, die minister van Plaaslike Owerhede, agter dié mini-rebellie sit.

Die rebelle het die saak glo onlangs by 'n kouskomitee geopper. Hulle beplan blykbaar om dit by 'n kousvergadering verder te voer. - HENNIE SERFONTEIN

VAN RE TOT SC IN 30 JAAR

DERTIG jaar gelede is 'n 15-jarige knaap deur 'n regter van die Pretoriase Hooggeregshof tien jaar lank Robbeneiland toe gestuur weens sabotasie. In die tronk skryf hy Standaard 8, matriek en 'n BA en BJuris deur Unisa. Twintig jaar later laat dieselfde regter wat hom tronk toe gestuur het, hom toe as advokaat van die Hooggeregshof.

Verlede week het dié man een van net twee swart senior advokate geword, wat hom waarskynlik een van Suid-Afrika se eerste swart regters gaan maak.

Sy naam is Dikgang Moseneke, tot laat verlede jaardie vise-president van die PAC en seker dié organisasie se mees belowende politikus. Hy het bedank "om hom heeltyds aan sy beroep te wy", maar daar was sterk gerugte dat hy ontevrede was met Apla se aanvalle op witmense.

Sy voornaam beteken "nuus".

VLAKPLAAS-BAAS SKOTVRY OP PAD UIT

DIE polisie weier om gerugte te bevestig dat die omstrede bevelvoerder van die berugte Vlakplaas-eenheid, luit-kol Eugene de Kock, einde vandeemaand amptelik uit diens tree en hom in Engeland gaan vestig.

Die polisie sê daar was nooit 'n inteme ondersoek na die beweringe van De Kock se destydse kollega, Dirk Coetzee, oor die polisie se moordbendes nie - selfs nie ná regter Johan Kriegler Coetzee se weergawe tydens 'n lastersaak teen VWB aanvaar het nie.

De Kock, onder sy vriende bekend as Brille, se uittrede volg glo na rasionalisering binne die polisie en die afskaffing van Vlakplaas, waar die polisie-moordbendes opgelei is.

"Die uittrede van De Kock al dan nie is 'n persoonlike aangeleentheid tussen homself en die Departement. In die lig hiervan het die polisie geen kommentaar te lewer nie," sê die SAP se afdeling Openbare Betrekkinge in antwoord op VWB se vrae oor die omstandighede rondom sy uittrede en die aard van sy pakket.

Sedert VWB die eerste berigte oor 'n polisie-moordbende aan die hand van getuieis deur Coetzee geplaas het, is De Kock se naam aan verskeie moorde gekoppel. Daaronder tel die dood van minstens 13 ANC-lede, wat in 1990 ondersoek is.

Op 'n vraag oor die beweringe wat steeds oor De Kock en Vlakplaas hang, sê die SAP: "Die beweringe teen die SA Polisie wat betref Vlakplaas en die sogenaamde moordbendes is volledig deur die Harms-kommissie ondersoek. Die SA Polisie was van alle blaam onthef en daar was geen bewyse hoe-genamd dat lede van die SA Polisie by enige wandade betrokke sou gewees het nie."

Maar selfs die regering het al laat deurskemer dat die Harms-kommissie nie juis enigiets tot die been oopgeklou het nie, en onlangs het selfs 'n generaal erken hy het vir dié kommissie gelieg.

"Met betrekking tot die bewering oor die 13 ANC-verdagtes - die polisie het in geen stadium sulke beweringe ontvang nie en die aantying word as kwaadwillig en as 'n aanval op die lid se integriteit beskou."

De Kock (44) is 'n gewese lid van Koevoet in Namibia, het

in 1968 sy teeninsurgensie-opleiding ondergaan en is onder meer deur die SAS in Rhodesië opgelei.

Sy vrou is 'n Zimbabwiër met 'n Britse paspoort en volgens inligting uit Brittanje het hulle laat verlede jaar 'n huis in Engeland aangeskaf, waar De Kock beoog om af te tree.



De Kock se naam is ook onlangs gekoppel aan 'n maatskappy wat handel dryf in wapens, Honeybadger Arms and Ammunitions. Hy is ook deel van die "Badger-eenheid", bestaande uit verskeie voormalige lede van die Burgerlike Samewerkingsturo (BSB), onder meer Ferdi Bamard. Hoewel De Kock self gemoeid is met die ondersoek na onwettige wapenhandel in Suid-Afrika, is hy deur *The Star* as eenaar van die maatskappy geïdentifiseer.

- CHRISTELLE TERREBLANCHE

'KETTERY' DIE STOK IN DIE KERKWIEL


DIE werklike rede waarom die konferensie oor kerkeenheid tussen die vier rasgeskeide kerke van die NG Kerk-familie laasweek in Bloemfontein grootliks misluk het, gaan oor 'n brief en die wit NGK-afvaardiging se antwoord daarop. So sê *Die Ligdraer*, amptelike blad van die sogenaamde bruin NG Sendingkerk (NGSK).

Die blad sê die NGSK het 'n dag vóór die konferensie 'n brief aan die NGK se Algemene Sinodale Kommissie afgelewer en versoek dat die wit kerk die volgende dag op die konferensie daarop moet antwoord. Die vraag in die brief was of die NGK se jarelange betrokkenheid by apartheid afgehandel is, en of die klag van kettery teen die wit kerk teruggetrek kan word.

Die antwoord van die moderator van die NGK, prof Pieter Potgieter, was om 'n paragraaf uit die amptelike beleidsdokument, *Kerk en Samelewing*, aan te haal, waarin apartheid nie as 'n "sonde" bestempel word nie, maar as 'n fout. Potgieter het ook gesê die woord "kettery" is 'n te sterk vertaling van die Engelse "heresy", en dat daar ooreengekom is om dit met die woord "leerdwaling" te vervang - 'n vertaling wat terloops deur die swart NG Kerk in Afrika aanvaar is.

Die reaksie van die NGK se moderator op dié brief is die vernaamste rede waarom die konferensie "weinig onmiddellike resultate opgelewer het". Die reaksie word nie as 'n voldoende skuld-belydenis aanvaar nie en is "pastoraal onbewoë", sê *Die Ligdraer*.

Dis hoekom die NGSK en die NGKA nie 'n verklaring van voorneme oor eenwording wou onderteken nie. Dié twee kerke - wat aanstaande jaar gaan saamsmelt onder die naam die Verenigende Gereformeerde Kerk - het nogtans besluit om die gesprek oor kerkeenheid met die NGK voort te sit en dat die kerke "mekaar nie (moet) loslaat nie". - INA VAN DER LINDE



MOGADISHU, Somalië - Dawid en Goliat... 'n Jong Somaliër gooi 'n klip na 'n Amerikaanse M88-tenkherwinningsvoertuig. Groepe mense het dié week in die strate protes aangeteken teen die gebrek aan ingryping deur die Amerikaanse weermag toe die krygshoof Morgan se magte verlede Maandag Kismayu beset het. (Foto: AP)




DIE VIVA TRUST

Die Viva Trust is 'n organisasie sonder winsoogmerk wat deur Welsyn besit en bestuur word tot voordeel van gestremde mense, verwaarloosde en mishandelde kinders, bejaardes, die wat honger is en benadeelde gemeenskappe. Sedert dit in 1991 tot stand gekom het, het Viva R15,2 miljoen uit Welsyn ingesamel.

R304 000 000

R304 miljoen gedurende 1992 versprei



Die Kagiso Trust is 'n Suid-Afrikaanse ontwikkelingsorganisasie onafhanklik van die regering. Dit streef om die nalatenskap van apartheid te oorkom deur te help om 'n billike, nie-rassige, nie-seksistiese en demokratiese gemeenskap sonder armoede tot stand te bring. Die Kagiso Trust het R297 miljoen aan gemeenskapsonwikkeling en onderwys gedurende 1992 toegewys.

die stryd

om die omgewing van Suid-Afrika
gaan geveg word op die slagvelde

van St Lucia

'The right to land depends on the ability to defend it'

- SIR RODERICK CARNEGIE IN 1984 BY DIE AANDEELHOERSVERGADERING VAN RIO TINTO ZINC, DIE GROOTSTE AANDEELHOUER VAN RICHARDSBAAI MINERALE

Die lot van die oosoewer van die St Lucia-meergebied word binnekort bepaal.

Richards Bay Minerals (RBM) wil swaarminerale op die duine van dié gebied uithaal, en bied heelwat argumente aan oor buitelandse valuta en werkskepping en verklaar dat hulle die gebied heeltemal kan herstel. Omgewingskenners en bewaringsgesindes glo dié mynbedrywighede gaan onherstelbare skade aan dié ekologies hoogs sensitiewe en kosbare deel van ons land aanrig.

Die toekoms van St Lucia is nie meer net die mynbase en die Groen aktiviste se probleem nie. Dit is elke landsburger se probleem. Soos die Stryd om St Lucia-veldtog se slagspreuk lui: Die stryd om die omgewing van Suid-Afrika gaan geveg word op die slagvelde van St Lucia.

Vrye Weekblad glo elke verantwoordelike burger behoort hom- of haarself behoorlik van al die feite en argumente te vergewis en dan sy of haar stem te laat hoor. Daarom word die argumente van die verskillende kante behoorlik uiteengesit op die volgende bladsye.

Ons het die St Lucia-geval oor die laaste weke en maande deeglik bestudeer, en ons glo dit gaan rampspoedig wees as die mynbedrywighede toegelaat gaan word. Onses insiens weeg die omgewing in dié geval veel swaarder as die ekonomiese voordele wat daaruit getrek kan word. Ons het ook deeglik na RTZ se rekord in ander dele van die wêreld gekyk, en al wat ons beïndruk, is hoe briljant dié myngroep is met stemmemakery om die politici, die media en die publiek te oortuig dat hul mynbedrywighede toegelaat moet word.

Ons glo ook dat St Lucia 'n waterskeiding gaan wees in die debat oor die bewaring van die omgewing in Suid-Afrika. As ons dié stryd teen die mynbase en ontwikkelaars gaan verloor, dan het ons min hoop dat ons uiteindelik ook die argument teen byvoorbeeld steenkoolontginning in die Kruger Wildtuin of die bou van hotelle en rykmanshuise by Sandybaai en Karbonkelberg gaan wen.

Miskien was Sir Roderick reg toe hy gesê het die reg tot grond hang daarvan af of jy dit kan verdedig.

Nou kom ons verdedig dan ons grond, ons erfenis.

By dié uitgawe van VVWB is 'n poskaart ingesluit wat gerig is aan die Staatspresident. Ons vra elke leser wat met ons saamstem, ernstig om die moeite te doen om dit in te vul, 'n 35 sent-seël daarop te plak en dit te pos. Dit is die minste wat jy kan doen.



Richards Bay Minerals

DIE STANDPUNT TEN GUNSTE VAN ONTGINNING

RICHARDS BAY MINERALS (RBM) het 'n indrukwekkende rekord as dit kom by die restourasie van ontginde sandduine in Suid-Afrika. Nie net het hulle bewys dat hulle groot gebiede wat van bo tot onder omgedolwe is weer kan herstel nie, maar dat hulle vleggebiede kan skep wat nie voorheen daar was nie.

Verskeie bewaringsmense aanvaar die integriteit van RBM, soos John Ledger van die Endangered Wildlife Trust wat ten gunste van mynbou in die gebied is. RBM is ook bekend vir die navorsing wat op die gebied van die rehabilitasie van mynbougebiede gedoen word.

Barry Clements, algemene bestuurder van openbare betrekkinge van RBM, is hiervan 'n bewys. Hy is 'n voormalige wildbewaarder van die Natalse Parkeraad wat lank in die St Lucia-gebied gewerk het, en 'n stigterslid van die Wildemess Leadership School. Hy het vir jare nou saamgewerk met mense soos dr Ian Player - 'n man wat hom sterk uitspreek teen enige mynboubedrywighede in St Lucia.

Clements is deel van die sterk skakelspan wat 'n groot openbare veldtog voer om almal te oortuig dat dit tot almal se voordeel is dat die gebied ontgin word.

Clement sê in 'n verwysing na die Stryd om St Lucia (SSL) dat mense mislei word deur die indruk wat geskep word asof die gebied 'n "natuurlike hawe" is wat gered kan word. Die gebied is nie natuurlik nie, want dit bestaan hoofsaaklik uit denneplantasies, en is ook nie 'n hawe nie. Om mynbou in die gebied te keer sal nie St Lucia red nie.

Sy sterkste argument grond hy daarop dat "natuurlike hawens nie bewaar kan word solank dit omring word deur 'n see van armoede" nie. Goeie bewaringspraktyke kan net bedryf word deur mense wat werk, oor 'n goeie opvoeding beskik en sosiaal opgehef is. In dié gebied is meer as 50 persent van die mense werkloos en vasgevang in 'n afwaartse spiraal van armoede en onkunde.

Hy sê die opvangsgebied van die St Lucia-meer van 12 000 ha word ernstig bedreig. Argumente dat die ontginning van die Oostelike Kus Staatsbos, wat maar 0,05 persent van die voorgestelde Groter St Lucia Vleilandpark uitmaak, die ekologie gaan vernietig, is eenvoudig nie waar nie.

Sekere gebiede lyk eerder na 'n woestyngebied, sê Clement en ander. Of 'n maanlandskap, as gekyk word na die ernstige gronderosie. In plaas van weelderige rivierplantegroei in die omgewing van die Hluhluwerivier, lyk dit meer na 'n afvoergebied vir rioolwater. Die brose grondbolaag gaan in die toekoms net verder weggespoel word. "Ons kan 'n verdere omgewingskrisis net verhoed deur mense op te hef en werk te skep, soos met die ontginning van die beoogde duinegebied in St Lucia."

En hoeveel werksgeleenthede gaan geskep word deur ontginning? Sowat 160 werkers by die voorgestelde nuwe myn, sê Piet Maré, ook van die skakelafdeling, en 'n verdere 600 werksgeleenthede by die RBM-smeltery op Richardsbaai as hulle toegelaat word om te myn. En dan is daar natuurlike die sterk ekonomiese argument oor buitelandse valuta deur uitvoere en die inkomste wat die regering hienuit gaan kry.

Op die vraag wat sal gebeur indien RBM nie St Lucia myn nie, sê Clement dit beteken dat produksie vyf jaar vroeër gestaak sal moet word. Die bestaande gebiede waar gemyn word sal nog 18 jaar hou, maar St Lucia is nodig om in hul uitvoerkwotas van 'n miljoen ton titaniumslak te help voldoen.

Verder vertel RBM se woordvoerders met geesdrif van die sewe skole wat hulle onder hul sorg geneem het en van laboratoriums, boorgate, toilette, meubels en boeke voorsien het. Hulle het 'n pragtige tegniese hoërskool opgerig en is besig met grootskaalse volwasse-opleiding in die gebied. Die maatskappy het vier klinieke in die platteland opgerig en gee groot skenkings aan plaaslike hospitale.

Oor die beswaar dat die versteuring van die waterbalans ernstige gevolge vir die vleggebiede kan inhou, sê RBM-woordvoerders dat hulle net skoon water in die baggerdamme gebruik en geen chemikalieë of ander middels nie. Die vleggebiede het die afgelope aantal dekades aansienlik gekrimp en dit word toegeskryf aan die wangebruik van die gebied vir plantasies. 'n Ekstra water-toevoel sal die gebied eerder goed as kwaad doen.

Clement sê die impak van mynbou op die omgewing sal minimaal wees, omdat die swaar materiaal deur ondergrondse pyplydings, vervoer sal word na 'n spoorwegslyn buite die gebied. Kraglyne en waterpyplyne sal ondergronds wees en die bestaande paaie sal hoofsaaklik gebruik word om die werkers in die gebied aan te ry.


Hy beweer meer skade gaan aan die gebied se infrastruktuur aangerig word deur die bosboubedrywighede in die gebied wanneer die bestaande plantasies afgekap word. Die hout moet in 20 ton trokke vervoer word. Boonop sal die plantasie-gebiede baie langer neem om weer in natuurlike habitat omgeskep te word, aangesien die Natalse Parkeraad nie die geld het om die gebied teen dieselfde tempo as RBM te rehabiliteer nie. Terloops, dit kos RBM R17 000 om een hektaar duinegrond te rehabiliteer.

Die soet stem van die rede sê omdat net 0,0002 persent van die voorgestelde Groter St Lucia op een slag gemyn sal word, dit skaars 'n invloed kan hê op die ekologie van die omgewing. "Die visse, voëls, soogdiere en plante wat in die res van die park bestaan, sal steeds daar wees lank nadat die ontginning voltooi is. Maar op voorwaarde dat ernstige aandag geskenk word aan probleme binne die opvangsgebied."

* RBM het hulle daartoe verbind om te berus by die uitslag van die Omgewingsimpakstudie wat binnekort uitgereik word.



Deur INA VAN DER LINDE



Die maatskappy

Richards Bay Minerals (RBM) bestuur die grootste sandontginningsbedryf van sy soort ter wêreld. Die maatskappy word effektief beheer deur die Britse mynmaatskappy Rio Tinto Zinc (RTZ), wat 'n 50 persent aandeel in RBM het, terwyl Gencor 25 persent, die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) 'n verdere 16,8 persent en Ou Mutual 8 persent besit.

Die magtige RTZ is die grootste mynmaatskappy ter wêreld met mynbelange wat strek van Alaska tot in Australië. Die maatskappy voorsien in 90 persent van die behoefte van die wêreldmark vir titanium-dioksied-metaal.

Op sy beurt is RBM die grootste verskaffers van die minerale ilmeniet, rutiel en sirkoon ter wêreld.

Ilmeniet word verwerk om titaniumslak te vorm. Dit word gebruik in die vervaardiging van hoë kwaliteit ruyster, wat regdeur die wêreld in die motomywerheid gebruik word. RBM voorsien in die behoefte van 90 persent van Suid-Afrika se smelteryë.

Titaniumslak (metaalskuim) in verwerkte vorm word byvoorbeeld in die plek van lood gebruik as die wit pigment in verwe, en as vloeibare uitwisser (tippex).

Dit word in plastiek en hoë kwaliteit papier gebruik, dis 'n voedselkleurstof (Smarties) en 'n kleurstof in kosmetiese middels soos lipstiffies en oogpottode.

Titanium-dioksied-metaal word ook gebruik vir grootromp-vliegtuie soos die 747s.

Rutiel word as grondstof verskaf vir 'n hoër-kwaliteit titanium-dioksied wat in die lugvaartbedryf gebruik word, en in die vervaardiging van vloeimiddels vir sweisstawe.

Sirkoon word weer gebruik in die vervaardiging van staal en glas.

Sirkonium word gebruik om televisieskermte te bedek om kykers teen X-strale te beskerm en beheerstawe in kernreaktors word van sirkonium-metaal gemaak. Dit is ook die poeieragtige stof in sweetweeters.

Sowat 94 persent van die titaniumslak, hoëgraadse yster, rutiel en sirkoon word uitgevoer en die oorblywende 6 persent voldoen aan Suid-Afrika se binnelandse behoefte.

vs Stryd om St Lucia

Die ontginningsproses of waar jy maai sal jy saai

RBM haal minerale uit die sandduine deur stroopontginning waardeur die sandduin tot op die vaste kleilaag verwyder word, wat wissel van 3 meter tot 18 meter. Die boonste laag bo-grond word heel eerste afgeskep en eenkant gehou met die oog op die rehabilitasie van die duine wanneer daar klaar gemyn is.

Baggerdamme, wat verskuif soos die ontginningsproses vorder, word in die ertsdraende duine geskep. Die minerale word verwyder deur drywende gravitasieskeidingstoerusting. Geen chemikalieë of reageermiddels word gebruik nie. Die bedrywigheid beslaan sowat 50 ha op 'n gegewe stadium. Sowat 5 tot 7 persent van swart mineraalkonsentraat word uit die totale hoeveelheid duinesand ontgin.

Namate elke myn deur die duine beweeg, word die ontginde sand agter die myn uitgespoeg, waar dit platgestoot word om weer na 'n duin te lyk. Daar is twee voltydse ekoloë in diens van RBM om die herwinningsprogram te bestuur. Om die duine te herstel word die afgeskepte bo-grond teruggesit, en windskerms opgerig om te verhoed dat die sand rondwaai. Daarna word dit met gemengde jaargewasse besaai om 'n dekkingslaag te vorm vir die stadig ontkiemende inheemse gewasse.

Na 'n jaar begin die Acacia karroo (soetdoring) en ander pioniersgewasse ooreem. Veertien jaar later, sê woordvoerders van RBM, is gevind dat daar 175 verskillende inheemse plant- en boomspesies groei wat natuurlikergewys en met behulp van 'n aktiewe herbevestigingsprogram wortel geskiet het. Voor ontginning is daar 243 plant- en boomsoorte in die omgewing getel.

In die St Lucia-gebied, sê RBM, sal 'n ondergrondse pyplyn aangelê word om die swaar metale te vervoer tot by 'n spoorwegsylyn buite die gebied. Kragrade en waterpype sal onder die grond geplaas word om so min as moontlik swaar vervoer in die duine-gebied te hê.

Die ontginningsproses gebruik sowat 30 000 kubieke liter water per dag. Dit sal verkry word deur 'n opgaardam langs die Umfolozi-rivier op te rig. Die opgaardam sal net volgetap word wanneer die rivier in vloed is, sê Mike King van RBM. In tye van droogte kan dit selfs gebeur dat die mynbedrywighede tydelik gestaak moet word.

DIE OMGEWINGS-IMPAKSTUDIE

Die regering het op 13 September 1989 na groot druk uitgeoefen is deur omgewingsgroepe, opdrag gegee dat RBM 'n deeglike omgewingsimpakstudie laat doen, wat op 18 Maart vanjaar bekendgestel gaan word.

Dit word bestempel as een van die omvangrykste impakstudies wat nog in Suid-Afrika gedoen is. Die verslag beslaan sowat 1 000 bladsye, wat gegrond is op 23 kennersverslae wat handel oor die moontlike impak wat ontginning van die duine op elke moontlike omgewingsaspek sal hê, van die hidrologie, die geologie, die landskap tot by die sosio-ekonomiese impak.

Die kennersverslae is opgestel onder leiding van die Coastal Environmental Services (CES) van Grahamstad. Daarna is dit aan 16 belanghebbende partye gestuur vir kommentaar en bykomende inligting. 'n Beoordelingskomitee onder voorsitterskap van dr John Raimondo van die Environmental Evaluation Unit van die Universiteit van Kaapstad het die proses bestuur. Die WNNR se omgewingsdienste het die 11 sleutelkwessies geïdentifiseer en hieroor verslae saamgestel uit die 23 kennersverslae en ander bronne.

Die verslag sal vrylik aan die publiek beskikbaar gestel word vir 'n tydperk van agt weke waartydens almal kans sal kry om kommentaar voor 'n Hersieningspaneel onder voorsitterskap van 'n regter te lewer tydens 'n openbare verhoor. Daarna sal 'n finale verslag met aanbevelings aan die Kabinet voorgelê word. Die Kabinet sal moontlik binne die volgende ses maande 'n finale besluit neem of daar in St Lucia gemyn gaan word of nie.

DIE STANDPUNT TEEN ONTGINNING

Die stryd teen die ontginning van die ooskus van St Lucia het vir bewaringsmense die Groot Waterskeiding geword. 'n Sambreelorganisasie genoem die Stryd om St Lucia (SSL), wat die bekendste bewaringsorganisasies in die land verteenwoordig, het begin met 'n grootskaalse poskaartveldtog waarin mense gevra word om hul stem teen mynbou in die gebied uit te spreek.

Dit is vir hulle 'n kwessie van "the buck stops here".

Die doel van die veldtog is om die konsolidasie en stigting van die Groter St Lucia Vleilandpark te verseker deur al die gebiede om die vleilande van die St Lucia-meer vanaf Mapelane in die suide tot Mkuze en Sodwana in die noorde, saam te voeg.

Die Konsepwetgewing vir die Bewaring van Vleilande is onlangs in die Parlement voorgelê. SSL veg daarvoor dat die wet so gou as moontlik in werking tree om mynbou en prospektering in 'n Ramsar-omskrewe vleiland te verbied.

Vir mense soos dr Ian Player, bekermeheer van die SSL, ly dit min twyfel dat mynbou in die duinegebied katastrofies sal wees: "n Mens hoef nie 'n kenner te wees nie om te weet dat baggerontginning vernietigend is. Die duine van die oostelike kus van die St Lucia-meer het meer as 25 000 jaar geneem om te vorm en is in ongelooflike komplekse stratas neergelê. Die oostelike kus is 'n opvangsgebied in eie reg en baggerontginning sal 'n ramp wees omdat dit onmoontlik is om die stratifikasie van die duin te vervang. Selfs 'n kind van ses sal dit kan verstaan..."

"Moenie toelaat dat ons oorrampel en mislei word om te dink dat dit selfs verreweg moontlik is om hier te myn sonder vernietigende resultate nie."

Tony Ferrar, uitvoerende direkteur van die Natuurlewe Vereniging, se vernaamste bekommernis is die skade wat mynbou aan die hidrologiese funksie van die sandduine in die vlei gebied sal aanrig. As dit reën, vloei die vars water, anders as in die geval van gewone grond, regdeur die sandduine na die vleilande en varswatermere soos die Bhangazi-meer. In jare van kwaai droogte wanneer die water in die St Lucia-meer so sout word dat geen organisme meer daarin kan lewe nie, dien die varswatermere en vlei gebiede as 'n soort teëlplaas vir die gebied wat in goeie reënjare weer die St Lucia-meer kan "herbevolk".

Ferrar sê die vleilande bestaan uit suiwer reënwater, terwyl RBM van water uit die Umfolozi-rivier in die baggerdamme gaan gebruik. Die water van die Umfolozi is erg besoedel en bevat baie slik en chemikalieë soos insektdoders. Dit kan die hidrologiese samestelling van die gebied drasties verander. Hy sê ook baggerontginning spoel groot hoeveelhede water deur die sand.

Behalwe die groot klomp water wat nodig gaan wees om die taak te verrig in 'n gebied wat reeds gebuk gaan onder 'n watertekort, is die vraag watter plantvoedingstowwe en minerale in die sand gaan agterbly en wat van die water gaan word wat in die proses gebruik word.

Ferrar, soos Gordon Forrest, natuurbewaarder van die oostelike kusgebied van die Natalse Parkeraad, sê die natuurlike plantegroei in die gebied sal vanself herstel sodra die denneplantasies afgekap is. Die natuurlike saadbeddings en die voedingstowwe is steeds daar.

Forrest, wat al vir 28 jaar in die gebied werk, het my gaan wys hoe vinnig afgekapte denneplantasies herstel. Binne drie maande nadat die bome afgekap is, staan daar reeds sekondêre plantbedekking van 'n meter hoog, wat hoofsaaklik bestaan uit inheemse grondbedekkers en bome. En dan steek RBM se gerehabiliteerde duinegebiede waar pioniersgewasse soos Acacia karroo na 14 jaar nog dominant is, sterk af.

"Gmmf", snork Forrest, "ons noem wat RBM doen nie rehabilitasie nie, maar revegetasie. Daar's 'n groot verskil, jy weet."

Hy praat uit ondervinding wanneer hy sê dat die beste kenners nie vooruit kan bepaal wat gaan gebeur as daar op so 'n ingrypende wyse met die omgewing ingemeng word nie. "Die beste breine in die land was al betrokke in die gebied en hier is foute gemaak."

Hy vertel dat die Parkeraad 'n paar jaar gelede agtergekom het dat die meer se soutinhoud drasties verhoog het. Om dit teen te werk is 'n groot klomp geld spandeer om 'n agterkanaal van die Umfolozi na die meer te bou om meer vars water die meer in te bring. Agterna is gevind dat die hoeveelheid slik wat in die meer ingevoer gaan word so hoog is, dat dit die doel van die skema heeltemal sou verongeluk. Die gevolge van die slik op die meer-ekologie sou veel groter wees as die hoë soutinhoud. Die kanaalstelsel is reeds vier jaar in onbruik.

Forrest sê met die ontwikkeling van die Groter St Lucia-gebied en eko-toerisme gaan meer langtermyn werkgeleenthede vir inwoners in die omgewing geskep word en boonop gaan die werk langer hou as die beoogde 17 jaar wat RBM vir die duur van sy mynbouaktiwiteite voorsien.

Die Natalse Parkeraad is reeds jare besig met 'n beleid van "goeie buurskap" met mense van die omgewing. "Ons werk saam met die mense, skep skakelforums en onderhandel voorkeur indiensneming vir plaaslike mense, soos die toekenning van kontrakte om die riet en gras te sny. Ons is betrokke by opvoedkundige programme in skole en hulle kry voorkeur as dit kom by die verkoop van vleis weens wilduitdunningsprogramme."

Dr Frank Vohries, 'n ekonoom en SSL-woordvoerder, sny regdeur al die wol rondom die debat: "RBM praat graag van die buitelandse valuta wat vir die land verdien word, werkskepping, hul sosiale programme en selfs hul liefde vir die natuur. Maar op die ou end is die eienaars van RBM en die RTZ-myngroep diegene wat die grootste voordeel hiervan gaan trek. RBM sal nie toemaak as hier nie gemyn word nie. My raaiskoot is dat hulle hul kapitaal elders sal insteek. Die vraag vir hulle is eerder waar hulle op 'n gegewe oomblik die grootste voordeel uit hul belegging gaan trek."

Hy beweer dat daar op die lang duur veel meer geld uit eko-toerisme gemaak sal kan word. "RBM sal 160 werkgeleenthede hier kan verskaf, terwyl daar net by die private Pinda-wildtuin in St Lucia 225 mense op 'n permanente grondslag werk. Vanuit 'n bewaringsperspektief is St Lucia uniek en 'n mens sal 'n unieke rede nodig moet hê om die gebied om te dolwe."

"Mynbou is nie 'n unieke rede nie. Vir net 'n paar miljoen rand en 'n paar dosyn werkgeleenthede maak dit nie goeie ekonomiese sin om die St Lucia-duine te ontgin nie."




Die beoogde myngebied by St Lucia

Die gebied onder dispuut by St Lucia is sowat 3 460 hektaar duinegrond, waarvan 1 425 hektaar geskik is vir myndoelindes. Dit is oos van die meer geleë en 64 persent van die gebied is bedek met denneplantasies, wat deel uitmaak van die sogenaamde Oostelike Kus Staatsbos. Die res van die gebied bestaan uit natuurlike woude.

Die gebied val buite die St Lucia Wildreservaat van die Natalse Parkeraad, en buite die vleggebied noord-oos van die St Lucia Meer. Maar dit maak egter deel uit van die sogenaamde Groter St Lucia Bewaringsgebied wat ingevolge 'n besluit van die Departement Omgewingsake in 1990 tot 'n veld van internasionale belang - volgens die Ramsar-konvensie - verklaar is. Die Ramsar-konvensie is opgestel deur internasionale bewaringsgroepe van regoor die wêreld om vleggebiede van internasionale bewaringsbelang te identifiseer.

Die waarde van die swaar mineraalreserwes in die beoogde myngebied behels sowat R7 miljard, waarvan die staat, as houër van die mineraalregte, sowat R90 miljoen sal ontvang oor die 17 jaar wat dit sal duur om die gebied te myn. RBM reken dat hulle meer as R450 miljoen jaarliks met uitvoere kan verdien word en dat sowat R1 300 miljoen in belasting aan die regering betaal sal word vir die duur van die mynproses.

Slegte én goeie nuus



TIENIE DU PLESSIS, VWB se omgewingskonsultant, neem die St Lucia-debat in oënskou

EERSTENS DIE SINIESE VOORSPELLING:

Groenes en ekoloë gaan oor sowat ses maande bymekaar kom en gesels oor wat hulle moet doen nadat die stryd om die duine van St Lucia verloor is.

Harde besluite sal geneem moet word - oor foute en die voorkoming daarvan in die toekoms. Byvoorbeeld: hoe het dit gebeur dat in 1989 een van die grootste omgewingsbeskermingsveldtogte van stapel gestuur is sonder dat die werkers by RBM daarvan in kennis gestel is? Só reageer Mike Mabuyakhulu van Numsa op dié foutjie: "... some of our members are wondering if it is more important to save insects and animals while we have to sacrifice jobs and wages... is it because, this time, there is a threat to the survival of a favourite holiday resort for whites?"

Hoe gaan die Groenes in die toekoms reageer op 'n opponent wat altyd 'n antwoord gereed het en enige beswaarde toegooi onder die inligting? Daar word tans gewag op die volledigste omgewingsimpakstudie wat nog in Suid-Afrika voltooi is. Verteenwoordig dié omvangrykheid 'n oorwinning vir Groen beginsels of 'n oorwinning vir sake beginsels? Indien daar voortgegaan word met mynbedrywighede by St Lucia - met die inagneming van ekologiese voorwaardes - kan daar dan gepraat word van 'n gelykop uitslag? Daar behoort by Groenes nie twyfel te bestaan nie dat die maatskappy wat hier betrokke is wel die ekologiese speurwerk en toegewings ten volle sal aanvaar. Natuurlik, op voorwaarde dat hulle daarna toegelaat word om die St Lucia-omgewing vir eie gewin te eksploiteer.

Die geld betrokke is 'n klein maar belangrike aspek in dié argument. Volgens beskikbare inligting lyk die syfers tans so:

- * Tantieme op mineraalregte gaan die staat sowat R5,29 miljoen per jaar (vir sowat 17 jaar) in die sak bring.
- * Die staat gaan verder ongeveer R76,47 miljoen per jaar aan belasting verdien.
- * RBM gaan sowat R450 miljoen per jaar in die sak steek.

Dié bedrae tel teen die Groenes. Hoeveel geld gaan 'n verantwoordelike, maar eksklusiewe "Groen bestuur" van die St Lucia veldande die onderskeie partye in die sak bring? RBM gaan nie gelukkig wees nie - 'n potensiële R450 miljoen per jaar verander in 'n nul opgawe.

Indien sommige Groenes daarop aandring dat ekonomiese oorweging nie die deurslaggewende faktor moet wees nie, sal belangrike beginsels van die Groenbeweging in gedrang kom. Dan sal daar weg beweeg moet word van "vlak-ekologie" waar kompromieë en toegewings die orde van die dag is. Die meganies-materialistiese model van die geïndustrialiseerde wêreld sal in dié geval verwerp word. 'n Dominante ideologie van "ekonomiese groei" reduseer alle waardes tot ekonomiese vergelykings en word uiteindelik die basis van finale besluitneming.

In die geval van St Lucia sal die ekonomiese besluit ten gunste van mynbou beteken dat Suid-Afrika slegs 6 persent (ons totale behoefte) van die produk verbruik. Ons steun dus regstreeks verbruikerspatrone van die geïndustrialiseerde (noordelike) wêreld. Suid-Afrika word natuurlik hiervoor betaal, maar ons teenprestasie is die ekologiese versteuring van 'n aansienlike gedeelte van ons kuslyn.

Dit sal vir alle Groenes moeilik wees om dié dominante "ekonomiese wêreldbeeld" te versak - die beginsels van "diep-ekologie" veronderstel 'n radikale wegbeweeg van strukture van hiërargie en mag. Ons sal onself byvoorbeeld nie meer kan verlaat op die uniekheid van 'n gegewe ekologiese stelsel (soos die veldande by St Lucia) nie, alle omgewings word eko-uniek.

NOU DIE GOEIE NUUS:

Die stryd is nog nie verlore nie. Die prentjie lyk donker, maar daar is nog tyd. Die sambreëlorganisasie (SSL) moet net eenvoudig innoverend en gou aan die werk spring om opinies te verander. Verander eers die opinies van die besluitnemers, die minister in besonder - ons kan later al die mense van Suid-Afrika Groen maak. Groen lesse wat uit dié versetbeweging geleer word, sal vorentoe 'n belangrike deel vorm van die aksies van die groeiende inheemse Groen alliansie.

Indien die Groenes dit regkry dat daar nie gemyn word nie, het hulle 'n oorwinning oor die wêreld se grootste mynboukonglomeraat behaal (wat al vele Groen bewegings dwars oor die wêreld stof laat eet het). Indien hulle verloor, het hulle teen die heel grote verloor.

Waardevolle ekologiese kompromieë is reeds deur RBM aanvaar. Indien die ontginning voortgaan, sal daar ongetwyfeld ook verdere produksie-koncessies, ter wille van die omgewing, deur die mynmaatskappy gemaak moet word, want mynbou-operasies sal met 'n arende-soog dopgehou word. En hulle weet dit.

Die bal is nou in Buthelezi se baan

Al maak die Inkatha Vryheidsparty steeds 'n groot lawaai oor 'ooreenkomste' tussen die ANC en die regering, lyk dit tog of die party na die onderhandelingsstafel gaan kom, skryf **HENNIE SERFONTEIN** in dié kykie agter die skerms

'N **SPESIALE** vergadering van die Sentrale Komitee (SK) van die Inkatha Vryheidsparty (IVP) Sondag in Ulundi, sal finaal bepaal of dié party wel gaan deelneem aan die komende Veelparty Konferensie (VPK), as opvolger van Kodesa.

Senior IVP-bronne nou betrokke by die onderhandelingsê aan VWB dat ondanks die retoriek en die volgehoue kritiek uit hul geleedere op die sogenaamde ooreenkomste tussen die ANC en die regering, die aanduidings is dat die IVP tog mag besluit dat die meeste van hul besware uit die weg geruim is.

Aan VWB is gesê: "Jy moet onthou ons het reeds die verkiesingsfase bereik. Daar is aspekte van die onderhandelingsproses soos voorgestel deur die ANC en die regering wat ons steeds nie aanstaan nie. Daarom sal ons voortgaan om baie lawaai te maak, want dit is polities voordelig, maar ons sal nogtans na die onderhandelingsstafel gaan."

Maar die bronne kwalifiseer hul optimisme met 'n waarskuwing: "In die laaste instansie hang alles van Mangosuthu Buthelezi af. Dit is finaal in sy hande. Die probleem is dat hy op die oomblik nog smookwaad is vir die regering omdat dié sy standpunte en belofes teenoor ons by Kodesa II oor die uiters belangrike saak van Streeksregerings verander het om die ANC tegemoet te kom."

Hulle beklemtoon dat in die IVP, anders as die ANC en NP, Buthelezi se gesag en invloed finaal is. "Dis hy wat uiteindelik moet besluit of iets aanvaar of verwerp word."

Die bronne sê egter twee dinge is betekenisvol: Die feit dat Buthelezi ná die gesprekke verlede week tussen die regering en die IVP besluit het om die SK vir 'n finale beslissing byeen te roep. Ook word gesê dat sou Buthelezi gedwing word om van sy onbuigsame standpunte van die verlede afstand te doen, hy dit dan aan die besluit van die vergadering kan toedig.

Dan ook is daar die feit dat hy daarop aangedring het dat die regering twee top-vertegenwoordigers na die vergadering stuur om hulle behoorlik oor die gekompliseerde voorstelle in te lig.

Die bronne beskou dit as 'n aanduiding dat hy eintlik self besef dat hy in 'n hoek is omdat die regering/ANC-voorstelle van so 'n aard is dat heelwat van die IVP se besware aangespreek word.

Die groot vraag is hoe die verskille in IVP-geleedere tussen die sogenaamde pragmatiste en valke oor die saak Buthelezi in sy finale besluit gaan beïnvloed.

In die laaste tyd het onrus in IVP-geleedere na vore gekom oor die buitengewoon "invloedryke" rol wat 'n aantal blankes binne dié party speel.

Baie van hulle is oud-Rhodesiërs of Engelssprekendes wat voorheen tot regse studente- en ander organisasies behoort het en met die Veiligheidspolisie saamgewerk het.

DIT GONS VERAL OOR die besondere rol van die omstrede Walter Felgate, al byna twintig jaar 'n lid van die IVP en 'n vertroueling en raadgewer van Buthelezi wat hom help met die skryf van toesprake en memoranda. Dis ironies dat dieselfde Felgate op sy dag 'n mede-stryder was van Beyers Naudé en 'n aantal jare saam met hom in die Christelike Instituut gewerk het.

Felgate is onlangs deur senior IVP-bronne daarvan beskuldig dat hy die skrywer was van 'n bytende, beledigende memorandum aan dié regering wat die verhouding tussen die twee tot breekpunt gedryf het.

Dit het geleidelik tot openbare bespiegelingen dat daar 'n ernstige kloof is tussen Buthelezi aan die een kant en bekende party IVP-leiers soos Frank Mdlalose, die voorsitter van die party, Ben Nqubane en Dennis Mdiba aan die ander kant - iets wat

laasgenoemde almal natuurlik woedend verwerp het.

Maar dat die besondere rol van veral Felgate tot groot ontevredenheid onder die senior swart leierskap van die IVP lei, is seker. VWB is ingelig oor 'n belangrike gesprek die afgelope twee weke tussen 'n senior lid van die KwaZulu-parlement en 'n toonaangewende ANC-figuur, waar eersgenoemde gal afgegaan het oor Felgate se invloed op Buthelezi wat, soos hulle dit stel, "geen aanmoediging nodig het om onbuigsame standpunte in te neem nie".

Maar terselfdertyd waarsku die IVP-bronne dat dit te simplisties is om te dink Buthelezi is in die "greep" van Felgate en ander blankes. Een sê: "Onthou dat blankes beskik oor kundigheid en tegniese ervaring wat ons mense meestal nie het nie, veral op die gebied van kommunikasie. Daarom is hulle dikwels sigbaar. Ons het hulle nodig en gebruik hulle eenvoudig tot ons voordeel."

'n Ander sê sarkasties: "Dis gek om te dink dat Felgate of enigiemand anders in staat is om Buthelezi te beïnvloed."

"Dis die probleem. Gewoonlik is hy juis moeilik ontvanklik vir advies, veral as hy reeds 'n eie standpunt ingeneem het."

Maar ontleed 'n mens die IVP se besware en die ANC/regering-voorstelle, lyk dit tog of die IVP-bronne 'n rede tot optimisme het, en dat die SK waarskynlik die goen lig tot onderhandelings sal gee.

DIE IVP EN VERAL BUTHELEZI het drie basiese besware teen die onderhandelingsproses en prosedure waarvoor die ANC en die regering in wese met mekaar saamstem:

* Buthelezi en die IVP dring aan op waterdige waarborge oor die posisie van Streeksregerings. Daarom wil hulle hê dat die komende VPK of nuwe Kodesa vooraf alle besluite oor die grense en die funksies en magte van die Streeksregering neem wat dan effektief deur die later verkose Grondwetskrywende Vergadering geneem moet word.

* Buthelezi dring onverbiddelek daarop aan dat koning Goodwill Zwelethini van die Zoeloes by die onderhandelingsstafel teenwoordig moet wees. Dis die rede hoekom hy Kodesa van die begin af geboikot het.

* Buthelezi is totaal gekant teen 'n verkose grondwetgewende vergadering of tussentydse regering. Hy glo die grondwet moet deur Kodesa en 'n span deskundiges uitgewerk word. Buthelezi het deurgaans die afgelope 15 maande in feitlik elke toespraak die besware uitgespel. Maar tot onlangs is dit in regeringskringe as retoriek beskou.

MAAR DIE BRONNE is daarvan oortuig dat die nuwe regeringstandpunt oor streeksregerings wel uiteindelik vir die IVP aanvaarbaar sal wees. Hoewel dit behels dat die verkose Grondwetgewende Vergadering die finale besluite oor funksies, magte en grense neem, word daar ook voorsiening gemaak dat die VPK reeds 'n spesiale streekkommissie aanstel. Dit sal al drie dié sake indringend ondersoek en dan voorstelle aan die Grondwetgewende Vergadering maak wat in praktyk deur hulle aanvaar sal word.

Maar VWB is meegedeel dat die belangrikste element oor streke, wat nog nie aandag in die media gekry het nie, is dat die strukture van tuislandregerings grondwetlik sal bly voortbestaan totdat die streke eendag ingestel is. Roelf Meyer, die minister vir Grondwetlike Ontwikkeling, het dit ook beklemtoon in 'n TV-onderhoud vroeër die week.

Die bronne sê dit kan 'n jaar of drie duur voordat die grondwet finaal voltooi is. "Dit beteken tot dan bly die tuislandregerings in beheer, woon in hul huise, ry rond in hul Mercedesse en geniet hul magposisies. Dié faktor, miskien



meer as enigiets anders, kan meebring dat die SK op sy vergadering die regeringsvoorstelle mag aanvaar."

Wat die koning betref, lyk dit of die ANC en die regering sekere formules in gedagte het om dit vir hom moontlik te maak om die vergadering by te woon. 'n ANC-leier het onlangs aan VWB erken dit was polities 'n fout dat die indruk gewek word dat die ANC gekant is teen die koning en die kapteinskap wil afskaf.

Die ANC se voorstel behels dat alle tradisionele leiers as een groep na die konferensie gaan. Maar hulle sal volgens die vier provinsies verteenwoordig wees. In praktyk beteken dit dat die koning die enigste verteenwoordiger van Natal is. Dit beteken ook dat dit hom vrystaan om sy eie afvaardiging saam te stel. Dit maak dit moontlik dat lede van die KwaZulu-regering deel daarvan kan uitmaak, hoewel die ANC blykbaar amptelik die regeringvoorstel dat alle tuislande deur hulle regerings verteenwoordiger word, verwerp het.

Dit verklaar dan die aankondiging dié week dat die KwaZulu-regering en die IVP apart by die komende beplanningskonferensie teenwoordig sal wees, stellig onder leiding van die koning.

Maar daar is geen manier waarop die regering of enigiemand anders aan die Buthelezi-eise - dat daar nie verkiesings vir 'n Grondwetgewende Vergadering moet wees om 'n grondwet op te stel nie - sal voldoen nie.

Ministers ten nouste betrokke by die onderhandelings stel dit duidelik dat "indien nodig sal ons Buthelezi aan die kaak stel. Ons sal nie toelaat dat hy die proses vertraag nie."

Die ministers spreek openlik hul woede en frustrasie oor Buthelezi se "vertragingstaktiek" uit. Hulle maak dit duidelik dat hulle in geen omstandighede sal toelaat dat hy die proses selfs met 'n week vertraag nie.



ONDERSOEK VRYMESSELAARS

**IG BOTHMA VAN CLUBVIEW,
PRETORIA SKRYF:**

'n Koerant se reg, nee, sy plig om ongerymdhede sonder aansien des persoons aan die kaak te stel, is 'n onderhandelbare demokratiese beginsel. Hiemee het ek geen fout te vind nie. Nogtans wonder ek dikwels wat die werklike rede is dat veldtogte teen bepaalde persone en/of instansies gevoer word. Ek verwys in besonder na Hennie Serfontein se artikels oor die Afrikaner Broederbond (AB). Kan julle, of Serfontein, vir ons sê wat die werklike doel met die reeks artikels is? Is dit deel van die jarelange haat-veldtog wat teen die Afrikaners gevoer word, of is dit 'n belangrike komponent van die nuwe strategie om te verseker dat daar in die nuwe Suid-Afrika nie vir die Afrikaner 'n plekkie in die son sal wees nie?

Ek dink nie Serfontein se artikels kan as 'n voorbeeld van goeie ondernemende joernalistiek dien nie. Wat wel vir my duidelik is, is dat hy goeie "bronne" in die vorm van verraaiers binne die AB het. Selfs dit is nie nuuswaardig nie want henspoppers en verraaiers is ongelukkig deel van die Afrikaner se geskiedenis.

Kan u vir ons 'n reeks artikels oor die doen en late van die Vrymesselaars publiseer? Dit behoort interessant te wees om te weet watter vooraanstaande persone lede is, aan watter konkelary hulle deelneem ens. Vir 'n ondernemende joernalis soos Hennie Serfontein behoort bronne mos nie 'n probleem te wees nie.

KAT AAN STERT BEET

**MARTIN BRINK VAN KAAPSTAD
SKRYF:**

Behalwe dat "die kat los is in die Broederhok" (VWB 12 - 18 Februarie 1993), reken ek ds Riaan Terreblanche het nóg een aan die stert beet. Dis nou waar hy "saamstem" met ds Piet Victor dat die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK) oor "bepaalde sondes geswyg" het. Natuurlik ondervind albei probleme met die Afrikaner Broederbond (AB), maar om heel verskillende redes...

Wanneer Terreblanche na die "bepaalde sondes" verwys, plaas hy vraagtekens oor NGK-domeines wat ook AB-lede is, maar erken dat 'n goeie ding hierdeur tot stand gekom het: Apartheid word nou as sonde "veroordeel".

Wanneer Victor (in Die Kerkbode van 15 Jan 1993) persone in die "hoogste gestoeltes" met hul AB-NGK-NP verbintenis (dit wil sê die politieke toonaangewers) daarvan beskuldig dat hulle onder meer die "Afrikanervolk" se grondgebied deur "strukturele aggressie" laat afneem, sien ons dat hy téén die hervormers en hervormingsproses gekant is. Hy dreig ook met "fisieke geweld, as laaste uitweg..."

Myns insiens het Victor se politieke en psigologiese oriëntering dus weinig indien enigsins verander sedert 'n voorval enkele jare gelede met die gereg gebots het.

Hy was toe naamlik betrokke by die "verdwyning" van regeringsdokumente wat riglyne aangedui het vir toekomstige politieke hervorming - wat Victor en sy faksie natuurlik verdag wou maak.

Daarom voel ek dat 'n kat nommer twee nou uit die sak (gelig) is - maak seker nie saak op welke wyse nie. Wat wel interessant is, is watter invloed Victor se faksie op die voorgenoemde samesmeltingsproses tussen die NGK, NGKA en NGSK mag hê.

HEROIC JOB

**ANDREW VAN DER MERWE OF
CLAREMONT WRITES:**

I'm getting worried about you. I can't remember when last I saw more than ten ads in an edition. Listen, I'd still buy my "Weeklikse Vry" if it cost five bucks a shot.

You folk are doing a heroic job; I'd cry if the Broeder Man got you.

**GENADIGE BROLLOKS
W LUBOWSKI VAN KAAPSTAD
SKRYF:**

Na aanleiding van Brolloks se "Nag generaal (en mog die nagmerries jou ry)" (VWB 5 - 11 Feb 1993) wil ek net sê: Brolloks is hopeloos te genadig, daardie mense sal nie nagmerries kry nie, hulle het nie eens 'n gewete nie. Ek

het 'n beter idee. Kom ons laai die Generaal met die hele kabinet in 'n beestrok Kalahari toe. Daar maak ons hulle staan teen 'n wit muur sonder kos en water. Ek verseker jou die jakkalse en hiënas sal smul aan die geurige 'Nat'-vleis. Soort soek soort, nie?

**STATIESE BROLLOKS
HEIN MARAIS VAN KAAPSTAD
SKRYF:**

Oom Brolloks, soms is jy darem 'n simpel ou baardman. Ek verwys na laasweek se poging "Leerkurwe" (VWB 12 - 18 Feb 1993), om Hani en die sosialiste weer by te kom via Kuba.

Onlangs skryf 'n Kanadese joernalis: "Cuba cannot be maintained in perpetuity as an ideological fantasyland for the benefit of foreign intellectuals." Juis. Daar's niks opheffends in 'n eng en versteende politieke stelsel, of in 'n leierskap se tragiese vrees dat vernuwing 'n waardige, maar problematiese eksperiment in nasiebou sal verpletter nie. Ek laat die syfers waarmee die eiland se merkwaardige prestasies in opvoedkunde, gesondheid, behuising, werkverskaffing, ens uitgedruk kan word, opsy. Ook die wyse waarop andersdenkendes opgesluit word. Ook die feit dat Kuba, naas Irak, onderworpe is aan die mees patologiese en strengste boikotveldtog op aarde, danksy Washington.

Die dieper punt - en dis hier waar redbaiters soos jy bloot dom-astrant blyk te wees - is dat ons hier te doen het met geskiedenis, met 'n ontvouende poging van 'n samelewing om haarself te omskep van 'n koloniale hoerhuis en strafkamp in 'n nasie wat 'n waardige lewe vir haar burgers kan behaal. As sosialis vind ek geen teenstrydigheid in my vermoë om daardie nasie se vasberadenheid, haar geklou aan 'n visie te prys, terwyl ek ook die insig trotseer dat Kubaanse sosialisme misluk het nie. Maar ek verwerp die houding dat die revolusionêre omvorming van Kuba ab initio tot mislukking verdoem was.

Wat hier opduik is 'n ongemaklike eendensheid tussen redbaiters en verstarde ou kommuniste. Julle denkraamwerke is ewe verroes en staties. Hani bring hulde aan 'n ikoon, 'n romantiese beeld - jyskop dit in die bek. Beide van julle beskou 'n samelewing of 'n revolusionêre proses as 'n gegote verskynsel wat óf applous óf minagting verdien. 'n Begrip van ontvouende moontlikhede ontbreek.

'n Waardiger en insiggewender teiken vir jou sinisisme sou sekerlik Joe Slovo se bydrae in twee weke gelede se *Business Day* gewees het. Daar borrel hy oor met goedkeuring vir China se omhelsing van markbeginsels en sy ommeswaai kapitalisme toe. Slovo het net goeie woorde vir 'n sisteem wat noukeurig neergepen kan word met die frase "Mark-Stalinisme". O, sê hy, daar's 'n probleem met die gebrek aan demokrasie op die oomblik, maar Rome was nie in 'n dag gebou nie... Nou toe, oom Brolloks, daar's mos nou iets wat bietjie dinkwerk verg en prikkel.

(Brolloks antwoord: Haai, ek is ook nogal skaam-kwaad oor 'n romantiese liefje-droom wat 'n nagmerrie-geword het. Maar in die tersaaklike brokkie het ek dit bloot vreemd gevind dat Hani sê Kuba is "een van die min

voorbeelde van suksesvolle sosialistiese stelsels wat oorgebly het". En dalk is ek bang Hani gaan probeer om dié "ikoon", dié "romantiese beeld" ook hier by ons toe te pas. Wat sal beteken 'n land sonder demokrasie en sonder 'n groei-ekonomie waar honderdduisende mense die eerste kans sal aangryp om te vlug. As ek wel gesê het dat "die revolusionêre omvorming van Kuba ab initio tot mislukking verdoem was", dan het ek jou ergerlikheid verstaan.)

**STERILISEER HULLE
"OPLOSSING" VAN KROONSTAD
SKRYF:**

Na 'n onlangse *Agenda*-program oor die armoede en swaarkry onder kinders in die Karoo, voel 'n mens genoodsaak om ook iets te sê.

Kyk, kinders wat swaarkry en honger is, gryp seker elkeen aan tensy hy 'n hart van klip het. Maar die stomme kinders moet die ellende dra, terwyl die ouers absoluut vir die ellende verantwoordelik is.

So is dit dwarsdeur ons land. Die owerhede, sowel wit as swart, sit gedurig om die konferensietafel en hou hulle blind vir die kern van die saak.

Ek wil graag net een voorbeeld noem. My huishulp bly in 'n taamlik goeie swart woonbuurt. Haar man werk by die posdiens en kry dus 'n goeie salaris.

Verlede jaar kom sy by my, baie aangedaan, haar kind moes die skool verlaat omdat sy swanger is. Die ander dag kom sy weer by my: "Mies, daardie kind van my is weer so." Maar drink sy dan nie die pil nie? Nee, sy wil nie.

Wel, dis maar net een uit derduisende voorbeelde. Daar is geen verantwoordelikeheidsin nie. Wie moet op die ou end vir die ongewenste kleintjies sorg? Die staat wat reeds bankrot is?

Kan daar nie 'n wet gemaak word dat sterilisasie na die tweede onegte kind toegepas word nie? Ek is seker dit sal as 'n afskrikmiddel dien, want hulle sal dan as uitgeworpenes beskou word met hulle tradisies, want sien, dis die onbeskaafdes wat nog baie jare daar sal wees en hulle eie tradisies het, wat eintlik die moeilikheid maak.

Moenie vir my sê sterilisasie kos baie nie. (As dit tydens geboorte gedoen word, is dit ook nie so baie nie.) Maar wat kos dit die staat om op een of ander manier onderhoud te gee aan die ongewenste kinders.

Ons land kan nie so aangaan nie. Wat se toekoms is daar vir hulle in terme van opvoeding? Wetteloosheid en misdaad?

Maak die moeders skrik wat verantwoordelik is vir die ellende.

Briewe korter as 300

woorde geniet voorkeur.

Rig briewe aan:

Die Brieweredakteur VWB

Posbus 177 Newtown 2113

brolloks

WIE DE HEL IS JAPIE?

DIEGENE wat so teurgesteld was met die gebrek aan verbeelding en talent in FW de Klerk se nuwe kabinet moet eerder op 'n ander manier daarna kyk: hoeveel slegter kon hy nie gevaar het nie!

Brolloks self het drie lang doppe gedrink op die ondergang van Magnus Malan, Louis Pienaar en Gene Louw. En toe gestik in die gedagte dat miljoene rande belastinggeld aan dié vente as gratifikasies en pensioen uitbetaal moet word.

Maar FW kon dalk ander mense in die kabinet gesit het. Soos Wynand Breytenbach.

Dis dié Breytenbach, steeds die kortbroek-minister vir Verdediging, wat dié week sonder om te bloos verklaar dat die SA Weermag nooit 'n bedreiging vir buurstate was wat in vrede wou saamleef nie. Hy bedoel nou soos Angola, Mosambiek, Swaziland, Lesotho, Zimbabwe en Botswana waar Suid-Afrika nooit in die plaaslike politiek ingemeng, oorloë geveg, of moordbendes ingestuur het nie. Of soos Seychelles waar die weermag nooit 'n hand gehad het in destyds se staatsgreep-poging van Mike Hoare-hulle nie.

Terloops: die sleutelportefeulje van Omgewingsake is toegeken aan minister Japie van Wyk. Wie de hel is Japie van Wyk? Brolloks het nog nooit van hom gehoor nie. Is dit dalk 'n skuilnaam?

KOEBAAI DAVID

SNAAKSE gemeenskap waarin ons lewe. Toe "Sir David" Frost in die land was en sy onderhoude gedoen het, het al wat leef en beef verklaar die man is briljant en hoe 'n voorreg dit is om hom aan die werk te sien.

Nou dat hy weg is, kom die een na die ander kritikus en koerant na vore en sê hy was swakkerig, het te min van die Suid-Afrikaanse ingewikkelhede verstaan, en sy onderhoude was eintlik 'n flop.

Brolloks het ook so gedink. Ons het genoeg goeie mense by die SAUK - het julle Sondag daai hardegat-kêrel van CCV se *Newsline* vir Rowan Cronjé sien uitmekaar trek? - wat dié reeks onderhoude kon doen. En dan het ons al die honderdduisende rande gespaar wat die Sir gekos het.

Maar dis nie 'n nuwe verskynsel in voormalige kolonies nie. Die gekoloniseerders is altyd geneig om te glo dat hul gewese koloniale meesters beter weet oor alles.

WERKLOOS

WOENSDAGAAND sit hulle toe so op 'n ry voor die TV-kameras: 'n dosyn of wat bleekegesig-aktiviste van Europa se anti-apartheidsorganisasies. En so asof niks die laaste klompie jare gebeur het nie, verklaar hulle ewe militant dat hulle gaan sorg dat die Europese druk op die "wit regime" nou toeneem.

Nou ja, hulle bedoel goed en hulle het baie gehelp dat ons is waar ons vandag is. Maar dis die probleem met dié soort werk: dis ondankbaar, jy kry nie 'n medalje as jy klaar is nie. En as jy jou doel bereik het, is jy werkloos.

Hulle het nou hulle doel bereik, en nou moet hulle hul goeie bedoelings elders gaan inspan. Soos in die voormalige Joego-Slawië.

VAARWEL, KAMERAAD

NOU glo Brolloks waaragtig dat China besig is om fundamenteel te hervorm. Die staatstelevisie en radio het dié week besluit om op te hou om alle regeringsleiers, amptenare en partyleiers as "kameraad" aan te spreek.

THE AMAZING CITIZEN SHREDDER™

NEW FROM FRANK

Say goodbye to hours of weekend boredom and misery reading your appallingly dull Saturday Citizen...



...Say hello to Frankland Capital's exclusive Ottawa Citizen Shredder. In just minutes, the easy-to-operate Citizen Shredder converts the 300 page Saturday Citizen into a nourishing breakfast cereal.

One Saturday Citizen provides enough Citizen Shreddies to feed an average family for a week. Just sprinkle on brown sugar and Eagle Brand condensed milk, dump into the food processor, liquify and serve. Left-overs make ideal caulking for leaky windows.

The kids will love sitting down to eat all their favourite columnists. Watch their faces light up when they see Burt Stewed, Keri Sweetman, and Shari Davis Baron-o'-Beef t obbing listlessly in their bowls.

The Citizen shredder is yours free with every FRANK subscription, if you act now. And that's not all, for a limited time, we're also offering readers the Sunday Citizen Composter Kit—turns all four pages into biodegradable mulch.

Die Kanadese satriese tydskryf Frank adverteer in sy jongste uitgawe 'n ding wat Brolloks dink ons moet invoer: The Amazing Citizen Shredder. Hulle praat natuurlik van die Ottawa Citizen, maar ek dink hy kan net so handig te pas kom met ons eige Citizen.

Skande! Skok!

Diana se slaapkamergeheime!
Piet Koornhof praat sy hart uit!
Boggelrug-dwerg bieg oor sy ouma!

Jammer, dis nie *Vrye Weekblad* se styl nie. Daar is genoeg koerante en tydskrifte wat oor dié soort sake verslag doen.

Vrye Weekblad is die intelligente alternatief. Ons lesers is mense wat wil weet wat is die jongste tendensies en gebeure in die politiek, die nasionale lewe en die kunste. *Vrye Weekblad*-lesers hoef nooit met 'n mond vol tande te sit as daar intelligent oor enigiets gesels word nie.

Die beste belegging wat jy vandag kan maak, is om in te teken op *Vrye Weekblad* en so te sorg dat jy dit nie een naweek misloop nie.

Die PWV-gebied, wat insluit Johannesburg, Pretoria, Verwoerdburg, Midrand, Sandton, Randburg, Roodepoort, Randfontein, Krugersdorp, Florida, Gemiston, Alberton, Bedfordview, Kemptonpark, Benoni, Boksburg, Springs, Brakpan, Vereniging en Vanderbijlpark.

In Transvaal is ons ook beskikbaar in die sentrale dele van Witbank en Nelspruit, en in die Vrystaat ook in sekere dele van Bloemfontein.

As jy buite een van die streke val, stuur ons VWB teen dieselfde koste per pos aan. So moenie elke Vrydag skarrel om jou gunsteling nuustydskrif in die hande te kry nie, stuur liever nou R150 en ontvang VWB vir 'n jaar of R80 vir ses maande (BTW en aflewering ingesluit).

Vul dié vorm vandag nog in en stuur saam met jou tjek of poswissel aan:

VWB Verspreiding,
Posbus 177,
Newtown
2113.

Stuur VWB vir my per pos/tuisaflewering aan vir

- 1 jaar
 6 maande

Naam

Adres (aflewering)

Adres (korrespondensie)

.....Poskode

Telefoonnommer

Onkunde kan die verkiesing kelder

Miljoene Suid-Afrikaners gaan binnekort vir die eerste keer stem - en talle weet weens die erfenis van apartheid glad nie wat 'n demokratiese verkiesing beteken nie. **ESMA ANDERSON** doen verslag van die reuse-opvoedingstaak waarmee verskeie organisasies nou probeer verseker dat die komende verkiesing 'n werklike grondslag vir demokrasie sal lê

TOT dusver was verkiesings in Suid-Afrika iets wat net witmense - en die "collaborators en puppets" in die driekamerparlement met hul klein persentasie trae stemme - betrek het.

Die organisasies wat reeds kiesersopleiding bied aan dié mense wat nog altyd stemloos was, sê ons pluk nou die vrugte van jare se ondemokratiese praktyke, en onderdrukking.

Dit strek verder as net onkunde oor hoe 'n mens 'n stembrief invul, sê dié organisasies. Hulle moet nou ook die talle mites beveg wat deur die jare opgebou is oor verkiesings. 'n Situatie soos dié in Angola en Kenia moet verniy word.

Onlangse navorsing deur die Matla Trust toon dat in die ergste scenario denkbaar - as geweld en intimidasie hoogty vier - 'n stempersentasie so laag as 45 persent moontlik is. Dit sal 'n groot bedreiging inhou vir die legitimiteit van die verkiesing en die aanvaarding van die uitslae.

Randi Erentzen, die direkteur van Project Vote van die Centre for Development Studies (CDS) aan die UWK, sê: "Die hoop en verwagtings wat mense net ná Februarie 1990 gehad het, is heeltemal verpletter. Hulle is mismoedig en voel nie dat 'n verkiesing hul lot sal verbeter nie."

VAN HUL GROOTSTE werk, sê dié organisasies, wat in 'n losse groep as die Independent Electoral Education Forum saamwerk, is dus om soveel mense moontlik te motiveer om te gaan stem.

"Ons het 'n verkiesing nodig wat 'n onteenseglike oorwinning vir demokrasie is en 'n kragdadige demonstrasie van die wil van die mense. Niemand moet ná die tyd kan sê dat Suid-Afrikaners nie werklik omgee nie en nie werklik 'n demokrasie wil hê omdat min stemme uitgebring is nie," sê Erentzen.

"As die stempersentasie laag is, loop 'n mens boonop die gevaar dat die uitslae nie as legitiem beskou word nie."

Terence Tryon, nasionale koördineerder van Matla Trust se Community and Citizen Education Programme, sê een van die probleme is dat baie mense nie weet hoekom hulle byvoorbeeld vir 'n betrokke party sal stem nie. "Party steun sommige partye bloot omdat hulle 'n bepaalde rol in die bevrydingstryd gehad het of bloot omdat dié party 'n sekere mate van aansien in hul gemeenskappe het.

"Ons probeer om aan hulle te verduidelik dat hulle moet kyk na die beleid van elke party en besluit watter party hulle behoeftes die beste aanspreek."

Erentzen verduidelik dat hulle dié beginsels by mense probeer tuisbring volgens hulle eie behoeftes: behuising, goeie onderwys, werkgeleenthede, beter gesondheidsdienste en vrede.

"Dit is die gebiede waarop mense die graagste verbetering in hul lewens sal wil sien," sê Tryon. "Ons probeer vir hulle wys watter verband daar is tussen verkiesings en hul lewensomstandighede. Hulle moet stem vir diégene wat 'n verbetering in hul omstandighede kan bring of beloop om dit te bring."

Maar dié benadering word skerp gekritiseer in sommige kringe waar gesê word dat dié tipe kiesersopleiding gepolitiiseer is. Simon Barber, 'n korrespondent van *Business Day*, het onlangs geskryf dat dié tipe kiesersopleiding die ANC sou bevoordeel weens die ooreenkoms tussen dié brood-en-botter-kwessies en die Freedom Charter.

Sowel Tryon as Erentzen verwerp dié aanklag. "Hoe anders bring 'n mens die idee van beleid-georiënteerde keuses op 'n maklik verstaanbare manier by mense tuis? Ons probeer verseker dat mense nie mislei word of net stem uit simpatie



Een van Project Vote se inligtingsplakkate

met 'n betrokke party nie, anders gaan hulle baie teleurgesteld wees met die resultate van demokrasie. Ons probeer hulle nie sê vir wie om te stem nie," sê Tryon.

Erentzen sê hulle jaag nie verwagtinge onnodig op soos die kritici beweer nie. "Ons bewoord dit baie versigtig. Hulle moet weet dat as 'n party nie doen wat hulle tydens die verkiesing belowe het nie, hulle die party tot verantwoording kan roep."

Vader Seán O'Liary, die onderwys-sekretaris van die SA Katolieke Biskoppe Konferensie, sê sy organisasie probeer juis ook verduidelik dat geen party oomag 'n verbetering in hul lewens sal meebring nie. "Sommige mense het baie hoë verwagtinge. Ons probeer dié verwagtinge afskaal tot 'n realistiese vlak. Ons probeer hulle ook leer dat die feit dat 'n mens 'n verkiesing het, nie beteken dat jy 'n demokrasie tot stand gebring het nie."

ENDITIS JUIS HIER waar dié organisasies hul grootste taak op lang termyn sien. Marie-Louise Ström, verbonde aan Idasa se Opleidingsentrum vir Demokrasie wat nou veral 'n program uitwerk vir ongeletterdes, sê hulle probeer ook aan mense verduidelik hoe 'n demokrasie werk, wat die rol van opposisieparty is, die rol van die parlement en hoe kiesers kan verseker dat na hulle belange omgesien word en partye tot verantwoording geroep kan word.

Tryon en Ström beklemtoon albei dat hulle dit doen sodat mense verstaan dat die onus nie net op die regering rus om 'n demokrasie te verseker nie, maar dat die burgerlike gemeenskap 'n groot rol daarin moet speel en daar "checks and balances" moet wees wat hulle kan beskerm.

"Baie mense het 'n groot misverstand oor die bestaan van opposisieparty," sê Ström. "Hulle het nog nie eens daaraan

gedink wat hulle sal doen met ander partye wat 'n redelike groot persentasie stemme getrek het nie. Daarom probeer ons ook om aan hulle te verduidelik hoe proporsionele verteenwoordiging werk en dat die party wat die meeste stemme trek, nie alleen kan regeer nie. Die ander partye het ook 'n belangrike rol om te speel."

MAAR IN DIÉ stadium konsentreer dié organisasies veral op hoe verkiesings werk en hoe 'n mens stem omdat 'n groot aantal bedorwe stembriewe nie bekostig kan word in 'n verkiesing nie.

"Dis nogal skokkend as 'n mens proefnemings doen," sê O'Liary. "Ons het onlangs 'n werkwinkel gehad vir gemeenskapsleiers, almal geletterdes met 'n redelike goeie onderwysagtergrond. Voor die tyd het ons 'n klein kamma-verkiesing gehad en van die 70 mense wat daaraan deelgeneem het, het 26 bedorwe stembriewe ingehandig. Jy kan jou indink wat die resultate sal wees by ongeletterdes.

"Daarom probeer ons ook nou al voorbrand maak daarvoor dat die stembrief en die hele proses so eenvoudig moontlik moet wees. Ons probeer ook ongeletterde mense se selfvertroue versterk. Baie mense sê hulle sal te skaam voel om na 'n stempunt te gaan en te sê hulle kan nie lees of skryf nie."

MAAR HUL TAAK behels ook om aan mense te verduidelik presies wat gebeur in 'n verkiesing, wat gebeur in die aanloop en voorbereidings daarvan, hoe die stemme getel word, ens. Hulle lei mense fisiek deur nagebootsde mobiele stempunte en wys hulle hoe 'n mens jouself identifiseer, jou stembrief invul, en so meer.

"Deur hulle in te lig oor al dié dinge, kan ons die mites rondom verkiesings beveg," sê Erentzen. "Sommige mense is byvoorbeeld baie agterdochtig oor die kwessie van 'n geheime stem. Hulle sê vir ons dis dan konkulary as 'n mens dit in die geheim doen. Ons probeer aan hulle verduidelik dat dit in hul eie belang is en hulle beskerm teen intimidasie van die opposisie of hul werkgewers."

Ström sê sommige mense in plattelandse gebiede vrees ook dat toordokters sal kan sê vir wie hulle gestem het. "Maar buiten dié dinge vind ons dat mense ongelooflik agterdochtig is oor verkiesingsprosedure. Hulle is vas oortuig daarvan dat die proses op een of ander manier gemanipuleer sal word en sommige van hul vrese is baie realities, soos dat boere plaaswerkers sal intimideer of dat ongeletterdes mislei sal word deur die amptenare by die stempunte."

Die organisasies betrokke in die Forum onderstreep hul reusetaak deur uit te wys dat van die sowat 18 miljoen swartmense wat in die verkiesing sal kan stem, byna geeneen al voorheen gestem het nie.

"Ons hoop dat as die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) op die been gekom het, kiesersopleiding ook onder die OVK se vaandel gekoördineer sal word. Maar ons kan nie tot dan wag nie," sê Tryon.

Erentzen sê die opleidingsprogramme is reeds in Januarie 1991 begin en hulle hoop om teen einde Maart vanjaar omtrent 2 miljoen mense deur hulle gesamentlike projekte te bereik. "Ons lei in dié stadium hoofsaaklik gemeenskapsleiers op, wat op hul beurt die opleiding in hul gemeenskappe kan voortset."

Matla Trust onderhandel tans namens die Forum met die SAUK om opleidingsprogramme in al die swart tale oor die radio uit te saai om meer mense te probeer bereik.

Murder rate 10 times higher than in US

SA CRIME WAVE SHOCKS EXPERTS



die Witwatersrand dat misdaad meer gewelddadig te raak.

Vroeër sou iemand beroof word, nou word iemand beroof én doodgeskiet.

Die polisie en waarnemers sê dit is waar: Janine Rauch van die CSVR sê die vlak van geweld neem toe in ooreenstemming met die vlak van beskerming. "Al hoe meer mense is met vuurwapens bewapen - dit beteken noodwendig dat die krimineel homself óók met 'n vuurwapen moet bewapen om enigsins suksesvol te wees. En bewapening beteken noodwendig dat die vlakke van aggressie hoër is," sê sy.

Wat egter ook uit waarnemers se opsommings én polisie-statistieke blyk, is dat kriminele misdade in swart gebiede toeneem terwyl dit in wit gebiede afneem.

Die redes hiervoor is voor die hand liggend: In wit woongebiede het inwoners al hoe meer toegang tot hoë veiligheidsheininge en -hekke en private veiligheidsmaatskappye, wat dit baie moeilik vir kriminele maak om in dié gebiede rooftogte uit te voer en misdade te pleeg. Swart woongebiede is dus baie maklike teikens vir kriminele.

He cautions me not to interpret his newfound attachment to his ancestors as the kind of tribalism which was promoted by the divisive apartheid ideology: "It is because I lost my father at a tender age. My mother's ancestry was equally important. They are from Lesotho, the Free State and Zululand, which proves that none of us are from one single tribe and that the mixture of many bloods is what makes us.

"It is a much simpler thing."

It's about getting in touch with a personal history, history being one of Matshikiza's hobby horses. Written and performed in Britain in 1985, *Prophets of the Black Sky*, was described by *Star Tonight!* critic Darryl Accone as "a lucid exploration of resistance strategies past and present in this country". Accone said that "the history that it tells and the ideas that it presents are in many ways seminal to the state of the nation today."

Matshikiza used the 1818 Xhosa conflict between the diviner and Itola (war-doctor) Makanda and Ntsikana, the conflict between non-Christians and converts, to show the struggle against colonialism in the Eastern Cape region.

He sees his task at the Market as "filling the naked territory of a country in trouble". This he proposes to do with indigenous work and work in indigenous languages. "We will have to look at buying whole productions from outside companies and bringing in directors to work here."

High on the agenda is Shakespeare which makes more

sense in Africa now than anywhere else, he says. He was convinced of Shakespeare's indispensability when he played Macbeth at the New York International Arts Festival in 1991. This version stayed faithful to the text, but transposed the action to a modern day black African country ravaged by civil war. "This is a much more acceptable context than most I can think of. Twentieth century Europe provides the play with no real context. People were astonished at the clarity of the text when understood in this way."

He won't divulge the specifics of his strategy but it could include everything from mounting Irish playwright Brian Friel's *Dancing at Lughnasa* to a radical re-write of *King Kong*.

Asked if this would not be allowing us to wallow in nostalgia, he insists that nostalgia is not necessarily a bad thing. "It depends on how it is done. *King Kong* would require a radical reconstruction. It was a piece that grew and survived on goodwill and innocence. It had a naive charm, which we couldn't get away with now. It would have to be more biting about what it really was like.

"At the time it was not possible to incorporate any real comment. It was illegal for black and white people to rehearse together and to appear on stage."



AN ACTOR of some repute, Matshikiza's skills are already being sought after by directors. There are rumours that Matshikiza has been cast in Australian director Bruce Beresford's screen version of *A Good Man in Africa*, which is set in Ghana, but will be shot here. Although he has had a preliminary chat with Beresford, he is not sure whether he will be cast. The film will star Sean Connery, John Lithgow and Lou Gossett jr.

He is not unfamiliar with the medium. He played small roles in *Mandela* and *Cry Freedom*, which, he believes "didn't hit the South African feel, understand the politics or portray the man that Biko was. Denzel Washington portrayed a figure of dignity in an abstract sense. We need to start looking at these people as far more complex characters."

But acting will have to take a back seat while Matshikiza attends to more important tasks. "I am restless and not content with a limited lot. It was never enough for me to be an actor. They are often put in humiliating positions and they have no say. In Europe I never had access to a really challenging job because it is all so overdeveloped there."



Dit sou boeiend wees om te hoor wat sê **Geoffrey Armstrong**, wie se ongetitelde reeks nuwe houtbeelde Sondag in die Newton Galleries in Johannesburg open, en Jackson Hlungwani van mekaar se werk. Die naelstring tussen hulle is die liggaam van die boom, wat steeds herkenbaar bly lewe in die gestaltes wat hulle daaruit optower - meestal deur die hout letterlik te beeldhou (sny- en kerfwerk), maar ook deur onderdele van die boom (takke, wortels, blokke hout) uitmekaar te haal en in nuwe konfigurasies aanmekaar te sit. Albei het



'n sensitiewe oog vir die beeld wat reeds deur die onverwerkte materiaal gesuggereer word ('n mens dink aan Michelangelo se konsep van die beeld wat in die marmmer bevrore lê en as 't ware net onthul word deur die beeldhouer). Albei put groot plesier daaruit om deur die kontras van hul kunsmatige ingrypings in die boomstruktuur juis die oorspronklike organiese eienskappe daarvan te beklemtoon - 'n glad geskuurde area wat die ruwe kronkels van die bas daarnaas onderstreep, 'n hoekige keep wat die ronding van 'n knoets komplementeer. Albei se beelde betrek 'n mens in 'n sintuiglike ervaring wat verby die visuele strek - jy wil streel oor die grof en die glad, jy voel die asemhaling van die hout, en veral om Armstrong se werk (gebruik hy minder droë hout as Hlungwani?) hang 'n aromatiese aura van lewende houtreuke. Maar elkeen se beelde het eiesoortige karakter. Interessant het die werk van Armstrong, wat sedert 1969 in Brittanje gebaseer is, straks 'n meer spesifieke "Afrika"-aanslag as Hlungwani s'n. Hlungwani grond sy argetipiese beelde merendeels op die mensfiguur as konstante en universele verwysingspunt - nie noodwendig gebonde aan 'n bepaalde tyd, plek of kultuur nie. Armstrong se werk het 'n meer formele, geometriese inslag, maar gebruik talle figuratiewe verwysings na objekte spesifiek uit die stamkulture en die landskappe van Afrika - kalbasse, beeshorings, mandjies, kleipotte, stampers, aalwyne, vetplante ens. Soos Hlungwani se werk, het syne 'n meervlakkige suggestiwiteit: een beeld kan jou herinner aan baie dinge. Die groot kolom op die foto hiernaas - waarin die boomstam, soos dikwels in Armstrong se beelde, opgesny is in 'n klomp segmente en weer aanmekaargesit is - kan jou laat dink aan 'n slang, 'n totem, 'n antieke suil, 'n figuur, 'n rotsformasie, 'n fallus, 'n stalagmiet, ens, terwyl dit ook, soos kollega Ryk Hattingh opmerk, verwys na die jaarringe van die boomstomp waaruit dit bestaan. Nie al die beelde tref ewe sterk nie. Enkele van die hersamestellings van takke, wortels, bak- en potvoms ens, loop die gevaar om soos droë "blommeranskikkings" te lyk - die gekonsentreerde suggestiwiteit van die "eenvoudiger", veral die kleiner stukke, gaan verlore in 'n oorvloed van detail wat sierlikheid bo emosionele impak stel. Maar in die geheel is dit 'n kragtige tentoonstelling, meer aards en organies as van Armstrong se vorige beeldhouwerke, waarin hy die hout dikwels gepoleer het. Dié vereniging van inheemse invloede is ook 'n hoogtepunt op die Suid-Afrikaanse kunstoneel. *Die tentoonstelling duur tot 27 Maart.* - JOHANNES BRUWER

is there a reality or is there only tv?

LIVE FROM GOLGOTHA

The Gospel According to Gore Vidal

By Gore Vidal

André Deutsch, 1992

WILLIAM PRETORIUS

IN Gore Vidal's new novel the Crucifixion's staged as a media event, a tale told by Timothy who is visited by holograms from the future who whizz about in cyberspace. This, though, is really Vidal, a shrewd old intellectual, sort of gay, gossipy, who's into popular culture, playing the postmoderns and cyberpunks at their own game - and showing that, by golly, there's gissum in the old goat yet.

At the start, the fifteen-year-old Timothy, son of Eunice, lies "stark naked" on a wooden table. He describes himself autoerotically: "I have golden hyacinth curls and cornflower-blue, forget-me-not eyes and the largest dick in our part of Asia Minor." During the book he ages, and writes his memoirs.

This opening, of course, promises a conflict between sensuality and Christianity: hyacinth and the "cornflower-blue" eyes hide references to Greek myths. That might have happened in a "modernist" book, but that, I guess, is old hat since these days we have to divide between the modern and the post. Vidal's ambitious: the satirical tension isn't from good, old licentious paganism versus puritan strictures in Christianity, but from postmodernism and cyberpunk.

When Timothy, writing his memoirs, is about to describe "Saint Paul's first meeting with our Lord on the eastbound Jerusalem-Damascus freeway," the maid announces, "the men have arrived with a television set." A Sony - the god of thunder.

Holograms begin to appear from out of the set, among them Chester W Claypoole, vice-president in charge of Creative Programming at NBC. They want to send a hologramatic film crew to film the Crucifixion to find out what really happened. Cyberspace is history: "What with rewind and fast forward," Timothy notes, "nothing is ever gone." Fast Forwards' more than just a button on a TV set.

BUT SURPRISES are in store: Christ is fat and mistaken for Judas; he has a voice so high only dogs can hear it. And Paul, the "Saint" in the book, has a pretty shrewd eye on what works and what doesn't in spreading Christianity. In other words, he's a sharp-talking travelling salesman joke.

This, of course, isn't supposed to correspond to accepted Christian images and icons. Vidal's doing his best to be irreverent and blasphemous and *Time* magazine optimistically called him the Christian Salman Rushdie. Anything Rushdie can do, Vidal can do better. He didn't and he's neither. He's too sophisticated to be irreverent, an approach that needs a certain naïveté - he's very aware of where his precise,

irreligious barbs are aimed. Blasphemy needs a strong belief in the religion being heftily rejected to be effective. Vidal's really neutral. Religion is a text to have fun with, not the chief subject of his satire. Television is - and postmodernism.

Television, Brian McHale says, via the Marxist theorist, Frederic Jameson, in his book, *Constructing Postmodernism*, posits itself as "postmodern culture's privileged model or metaphor... the medium in which postmodern culture prefers to represent itself to itself."

This means, I guess, that television represents everything as something else. TV-religion has little to do with anyone's spiritual condition, but a lot to do with the razzmatazz of hard sell, a theme in Vidal's novel. Big business and the battle for ratings - i.e. Clay-poole - decides the dominant images.

IF TELEVISION'S POSTMODERN, Vidal shows it's not cultural but capitalist to the core. And, sure, coming from a rich writer, this is could be more mode than heartfelt belief - but Vidal's intelligence, his clever, cynical sneer about his subject, carries the novel and makes it more than literary posing.

Thus "myth" - in Vidal's book in the sense that the Crucifixion is history and thus attainable only through recreation - is further mythologised. Timothy tells Chet, in charge of filming the Crucifixion, which Christ is the real Christ. "How do we know?" responds Chet, "We can't see his face. Cutler



maybe a whizz with a camera but he has no idea how to handle actors, much less a script. You must always establish your star at the top, with a close shot." Construction on construction. And the great, consuming sign is entertainment - that's big bucks.

Vidal's style is spare, seldom lush, especially compared to his style in his other "pop culture" novels, *Myra Beckinridge* and *Myron*: there's no pleasure in the text itself; he writes with a pared down efficiency - he's rather like a stand-up comic with a somewhat esoteric routine. You have to be in on postmodernism to get it all.

In the text, the characters themselves are the creators of pleasure, of TV as "spectacle", of sex as constructed sensuality - hence the "big dick", the centre of male pleasure, that pokes fun at Christianity as a masculine, chauvinist domain, at least, as practiced by certain churches - just think of those who won't allow women priests. The Bible as a boy's own story.

Vidal treads a field mined with prejudice. A recent controversy erupted in the leftwing magazine *New Statesman and Society* over an article, "Is God a Computer Virus?" In Vidal's novel, He is - but so is everything else. The reaction to the article, by a professor of biology, Richard Dawkins, showed a hefty, probably futile, attempt to separate religion and science. Religion, a reader angrily wrote, has to do with the "ultimate ends of our existence" and nothing with science that "deals with technical control and prediction of the objective realm."


In Vidal's novel, technical control of the text, if postmodernism is to be believed, dictates the ultimate ends of our existence since all is television and nothing reality. In this sense, choosing religion as a text was clever - the existence of God isn't verifiable in a hard, cold scientific way. It's taken on trust. If postmodernism posits the "twilight of reality", as Neville Wakefield puts it in his book, *Postmodernism*, then what is to be believed? Religion is an ultimate metafiction.

IN A STRANGE WAY, though, Vidal's novel, condemned by fundamentalists as "blasphemous," becomes an inverted confirmation of Christ's existence. Postmodernism, for me, always presupposes a reality that has to be done away with. If there were no reality, there could be no meta-reality or non-reality.

Vidal's use of postmodern techniques - philosophy, if you will - gives his book a moral centre under all his irreligious satire. There would have been, on Golgotha, an event to have been filmed. Our limitations are that we are, in a way, prisoners of the present. The past is continually re-used, and Vidal's novel, under all its satiric intent, suggests that creativity will always be "re-invention", and that some re-invention's are better than others. The trick is in deciding which.

But this, perhaps, reads too much into Vidal's text, and he claims the text as his in the subtitle of his novel. The book's firstly entertainment, a cybersatire that has fun with sacred cows, and is at times too rare, too carefully underdone, to be hard-hitting.

But, still, it's great that Vidal, who's made being anti-establishment a somewhat lucrative business, continues to develop as a writer with a keen and lively interest in current literary theory. His cynicism is healthy. And watch out for him in actor Tim Robbins's new movie on political corruption. He plays a decadent left-wing senator - and one hopes that's not generous type casting.



'n strik vir die lewe

DIE VROU WAT HAAR VERKYKER VERGEET HET
Deur Marlene van Niekerk
Haum, 1992 (R39,95)

CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN

FLOKEREND is die woord vir die verhale wat Marlene van Niekerk in haar eerste kortverhaalbundel, *Die Vrou Wat Haar Verkyker Vergeet Het*, optower. En verhale, ja: dié is nie dagboekinskripsies gebore uit (seksuele) frustrasie nie.

Ook fantasies, en vreemd. Gemaklik beweeg die vertelling van die sublieme na die absurde en terug. Engele en visioenêre esels, standbeelde en papegaaie so groot soos wolkekrabbers - die leser word katvoets deur 'n duisternis van gevleuelde (voëls en andere) gemaneuvreer.

Die verbloemde word sekuur oopgevelek, fyn en koel dissekteer Van Niekerk die hoës en die heiliges met haar satiriese en somtyds surrealistiese stories.

Haar woordgebruik is indrukwekkend: uiters beskrywende frases sleur die leser mee. Met tye is die styl dramaties en omslagtig - fleurige woorde word met groot omhaal gebruik. Tog is dit nooit lomp nie - die styl weerspieël die toon en pas by die aard van die narratief: kop in die wolke maar voete op die aarde (en partykeer word daar op die kop gestaan met die voete in die wolke!).

Hoewel ekspressief is die verteller meestal flegmaties: 'n rustige afstand word gehandhaaf - daar is altyd ruimte vir 'n plotseling vlymskerpe observasie.

Paradoksale begrippe word suksesvol gejuksaponeer: vervuld met "afgryse en bewondering", "afsku en plesier" bekyk die kinders "my neef Freek" se foltering van veldiere in "Die storie van my neef".

'N SUBVERSIEWE KLEIN boekie dié: gesaghebbende of verhewe figure wat 'n momentele opflikkering van breinaktiwiteit beleef, sou heelwat beter daaraan toe gewees het daarsonder. 'n Grootse gedagte lei tot 'n groteske val - soos letterlik in "Die deurbraak van doktor Unterwasser" gesien kan word.

'n Somber toekomsvisie word aangebied: huidige politieke korrupsie en die algemene dikvelligheid van politici word op massiewe skaal uitgebou: in 'n ommuurde stad in laasgenoemde verhaal moet die stadraadslede die kwessie van die

Onbevange trek Van Niekerk die leser vas met haar vlugge verbeelding in verhale omgewe deur 'n verraderlike ligtheid.

"leë sale in die Algemene Goudstadse Hospitaal" (in teenstelling met die "oorvol swart hospitale buite die stadsmuur") aanspreek. Die oplossing ná "uitvoerige" bespreking? Om "op humanitêre gronde...die onbenutte ruimte beskikbaar te stel aan die munisipale polisie as lesing- en demonstrasiesale!"

Vele soortgelyke verwysings na 'n korrupte en bepaald onmenslike regime word aangetref. Hier kan dan ook 'n punt van kritiek gerig word: die milieu is herkenbaar apartheid-Suid-Afrika en is tydsgebonden. Hoewel die sosio-politieke omstandighede ter plaatsenog nie na behore gerangskik is nie, voel mens kiewelig oor die voortgesette gehamer op die onderwerp van onderdrukking. 'n Moralistiese toon glip só in - 'n toon wat maar liever kon gebly het.

Dit is darem meer verteerbaar wanneer dit humoristies aangebied word - al is dié humor ietwat grieselig. "Die laaste noodlottige somer van die hardlywige Minister van Wet en Orde, Pierre M Labuschagne" is 'n gevatte vertelling van nóg 'n maghebbende maar uiteindelik gevalle hiërg. Vóór die groot val dink vroulied in haar stilligheid oor hoe haar huwelik 'n "opbloei beleef [het] soos destyds tydens hul besoeke aan die verafgeleë detensiekampe vir politieke aktiviste wat die

minister laat aanlê het op sy vriende se skilderagtige wildplase, sodat hy plig en plesier na behore kon afwissel". Skerp.

Subtiele pittighede sluip sonder fanfare in: "Die rektor was ongestoord. Hy het te goed geweet dat onbeduidende sake grandiose proposies in universiteite aanneem om hom te laat ontstel deur die omtrek van 'n papegaaie" - 'n sin wat deur menige student waardeur sal word.

Fyn waarnemingsvermoë in "Die laaste noodlottige somer" herroep amper vergete fassinasies van 'n mens se kleintyd voor die oog: "...opperolde duisendpote of oopgeblonde teerose...".

DIE VERHALE WAT uitstaan is ongetwyfeld "Die vrou wat haar verkyker vergeet het" en "Honderd en vyftig jaar Spekfontein". Laasgenoemde het 'n plek losgeslaan in die Pot Pourri/De Kat-kompetisie die jaar toe Abraham H De Vries se "Die Bruid" gewen het.

"Die vrou wat haar verkyker vergeet het" bring die elemente van die ander verhale in die bundel saam tot 'n geheel. Dit is 'n onrusbarende vertelling van 'n oënskynlike beuselagtigheid wat 'n vrou tot ampere waansin dryf - maar ook die "ontploffing" van haar kreatiwiteit moontlik maak.

Van Niekerk se aanleg vir die skep van ongewone en oorspronklike vergelykings word gesien in 'n sin soos "Dit haak haar aandag soos 'n vishoek aan 'n swaar, nat doek." Die mens se biologiese gebondenheid word onvergelykbaar vertolk: "... die slagorke van slytasie, die krassende konflagrasie van verganklikheid in haar lyf en lede" en "...die onafwendbare windstote...van die longe, die helder rooi gepaarde lobbe wat, vasgeklonter aan haar geraamte, hul einde aan't uitwroet was". Uitmuntend.

Met "die eksperimente van die verbeelding" poog die vrou om "'n strik vir die lewe self" te stel - haar poging word deur die gevolglike ontknoping van haar verbeelding beloon. Om dit idiomaties uit te druk: haar verbeelding word vrye teuels gegee - maar nie net na bowe, maar ook na benede, en op 'n amorele vlak.


ONBEVANGE TREK Van Niekerk die leser vas met haar vlugge verbeelding in verhale omgewe deur 'n verraderlike ligtheid. *Die Vrou Wat Haar Verkyker Vergeet Het* is vermaaklik dog steurend - "...stories is tog byna gewigloos, skadeloos," wil sy ons in "Die Papegaaiplanter" laat glo. Nie dié stories nie.

SHELDONS

DIE BOEKWINKEL
MET
DIE KOFFIEWINKEL
Eastgate, Ingang 5



tussen



wat


(Foto: SALLY SHORREND)



ju voel



en



wat



verkoop



Amanda Luyt is bekend as Afrikaanse sanger en die aanbieder van TV-programme soos *Teletreffers* en *Op Versoek*. Sy en haar man, Harold Schenk, het pas 'n Afrikaanse popgroep gestig genaamd **ye-ye**.

CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN gesels met haar en ontdek 'n ander mens ágter die openbare beeld van 'n effe preutse, maar tog sexy-rige Boeredogter

Waar kom julle aan die naam ye-ye?

Ons't gesoek. Ons't in 'n woordeboek gekyk. Ons het gesoek na 'n naam wat... ja, die essence vasvat van wat ons tipe van wil project. Fun, jy weet, fun. Dit was regtig, jy weet, moeilik gewees om 'n naam te kry wat kort is en in neutedop sê wat ons is. Dit is 'n Franse woord - dit beteken aanhanger van popmusiek uit die sestigerjare. En dit was toe baie nice gewees want dit pas by ons hele set-up. En ye-ye is herhaling want, jy weet, ons is 'n duo.

Ek sien julle maak stoompotmusiek. Wat's dit?

Stoompot het uitgekóm want Deon [Maas van Talisman waar ye-ye 'n kontrak geteken het] het 'n helse lunch met Theunis [Engelbrecht van Beeld] en hy was... [sy lag] hy was getrek gewees, so dis eintlik nie stoompot nie - die term wat ons ge-coin het in die begin was stoom-bubblegum. Dis popmusiek en die baie kommersieel - dis soos in bubblegum, om dit nou tipe van te beskryf. En dit gaan stoom - dis nie laid back of so nie.

So julle doen nie ballades nie?

Ons het twee ballades, maar die oorgrote meerderheid van goed is baie up-tempo. Ons wil nie graag 'n spesifieke boodskap oordra nie - verstaan jy? Dis bloot net fun. Die hele storie gaan musikaal baie nice wees - ons konsentreer eerder daarop as wat ons konsentreer om 'n sekere vibe uit te dra - wel, 'n vibe gaan daar wees... ons wil nie 'n cult-tipe van following hê nie.

So ons kan nie vyftien-minute-lange songs van julle verwag nie?

Nee. Eerder twee minute.

Hoe het jy by die SAUK beland?

Hulle't my gebel. Ek het professioneel gesing - die wat ek gedoen het. Die eerste program wat ek aangebied het, was *Teletreffers*.

En hoe't jy in musiek beland?

Ek sing al van kleins af - dis maar iets wat in jou... jy doen dit want jy weet dis wat jy wil doen. En jy beplan jou toekoms maar daar rondom. Ek het geswot - ek het begin met drama by Tuks, en ek het toe besluit om dit nie verder te vat nie. En toe't ek joernalistiek gaan swot by die Pretoria Technikon. Jy bly maar steeds in daai milieu - daar's baie cross-overs. So ek het nog maar altyd my toekoms beplan om musiek.

Dink jy jy kan sing?

Dis 'n baie moeilike vraag om vir my te vra. Ja, ek kan definitief sing. Dit wat ek gedoen het - dit wat van my beskikbaar is, is definitief nie 'n agste van wat... ag, dis nie so 'n stukkie [sy wys met haar vingers] van wat ek regtig kan doen nie. Dit [haar vorige twee plate, *My Verlange* en *Woorde*] het ek bloot gedoen omdat dit 'n geleentheid was in my lewe toe ek baie jonk was. Geleentheid kom na 'n mens se kant toe en jy - as ek ouer was, sou ek heel waarskynlik myself nooit daarin begewe het nie, maar aan die ander kant was dit ook goed gewees. Ek kan nie die twee plate wat ek gemaak het - hoewel dit glad nie ek is en waarvoor ek staan nie - ek kan dit nie afmaak en sê okay, dit was nie belangrik gewees nie, want dit was. En dit laat my toe om nou te doen... om nou te begin doen wat ek wil doen. Want hierdie is nou net die begin. Ek kyk op 'n ander manier daarna - ek is nie 'n mens wat daarvan hou om ander mense te skok nie. Ek is nie die tipe wat mense kan skok en sê okay, ek is nou hier, aanvaar of los my nie,

verstaan jy? Want ek dink ekonomies ook en ek dink in terme van myself en my beroep - soos jy ook aan jou beroep dink. Daarom het dit [haar vorige plate] vir my 'n basis gegee - daarom kan ek nou met nuwe dinge kom. Ons liefde is eintlik meer in 'n jazz-fusion rigting, en ons wil probeer om daai elemente te inkorporeer - ons het nou al reeds. Jy moet mense tog in 'n mate half gewoon maak daaraan - dit is my strategie.

So jy sou saamstem dat jou vorige plate nie veel verdienste het nie?

Definitief nie - nie wat musikaliteit betref nie.

So van watter musiek hou jy?

Ek hou eintlik van enige tipe musiek as dit goed is. Ek kan na goed luister wat vir my musikaal iets beteken, tegnies - as ek iets daaruit kan leer. So my musieksmaak is nie net noodwendig jazz-fusion nie - dit moet musikaal van hoë gehalte wees.

Vind jy aanklank by die slogan "sex, drugs and rock 'n roll"?

Wel, wat dink jy as jy so na my kyk? [Sy lag.] Definitief nie, sou jy sê, né? Laat ek nou vir jou sê: sex en rock and roll definitief - I don't know about drugs. Ek dink elke mens kan vir homself in daai opsig besluit. Ek gaan myself nou nie in dié stadium uitlaat oor hoe ek daarvoor voel nie - dis my geheim! [Sy lag uit volle bors.] Sex and rock and roll - dit is in baie groot mate wat ons gaan projekteer - ons image. Maar nie op 'n common manier nie - as jy weet wat ek bedoel. Daar is ontséttend baie sexual energy tussen my en Harold [Schenk, haar man en voorheen keyboard-speler vir Anton Goosen en Marcalex] en dit kom regtig uit in ons musiek - jy kan dit voel en jy kan dit sien. En Harold is full-on - hy's 'n full-on rock 'n roller. Ek's maar... dis wat my tipe van aan die gang hou...

Wat lees jy op die oomblik?

Ek kry nie tyd om te lees nie. My vrye tyd spandeer ek aan skryf - dis wat ons doen, dis ons kreatiewe tipe van outlet. Ek verf sou nou en dan... ek kry nie eens tyd om... die TV staan daar, maar ek kyk nie eens TV nie. En ek gaan nie uit om regtig waartoe lees nie... ek het dit laas gedoen toe ek geswot het. Die omstandighede is anders. In dié stadium gaan ek regtig uit om te leer - ek sal lees oor ander musikante, ek sal luister na CD's om iets op te tel. Ek het vir myself 'n doelwit gestel wat ek graag wil bereik.

Is jy 'n feminis?

[Sy lag.] Ja. Partykeer is mans 'n groot pyn in my gat, rêrig. Partykeer verstaan ek regtig nie hoekom daar twee geslagte gemaak is nie. Hulle verstaan jou nie en jy verstaan hulle nie. En veral in dié bedryf - it's a very sexist business. As 'n vrou het jy nie veel seggenskap nie, maar jy weet outomaties... daar's somer 'n disregard - jy kom in sekere situasies waar jy jou gat kan skop omdat jy 'n vrou is. Ja, ek is baie vir vrouens se regte.

So verwag die platemaatskappy nie van jou om bietjie van 'n popple te wees nie?

Daar's 'n baie fyn lyn tussen hoe mens regtig... wag, ek moet eers iets doen aan die musiek... [verdwyn in musiekkamer waar Harold en Deon musiek oorverdowend hard speel.] Ek kan myself nie hoor praat nie. [Sorry, sorry, gil Harold. Sy kom terug.] Uhm... mens moet 'n baie fyn lyn trek tussen hoe jy voel en hoe jy dink en wat bemerkbaar is, verstaan jy. As ek nou regtig moet optree soos wat ek is dan gaan ek in my ou secluded wêreldjie lê met my

eie ou ideetjies en ek gaan almal haat daar buitekant wat nie soos ek dink en voel nie. En ek gaan sinies wees en ek gaan nêrens kom nie, sien jy. Maar aan die ander kant moet jy besluit wat wil ek bereik en wat gaan ek gebruik om dit te bereik - en ek bedoel nie seksueel wat gaan ek gebruik nie. Natuurlik gaan ek my features gebruik. Die idee met my image is om sexy te wees but I'm never ever gonna... ek gaan dit nie as 'n verkoopding gebruik nie. Soos hier is my boud, sê lyk hy.

Ja.

In elk geval, in my opinie werk subtiel baie beter as bloot blatant. Ek gaan dit gebruik soos wat ek voel ek as vrou dit moet gebruik - nie soos 'n man voel 'n vrou moet dit gebruik nie.

Wat dink jy het die Alternatiewe Afrikaanse musiekbeweging beteken vir musiek?

Ek dink dit was stunning. Hulle't absoluut die hele profiel van Afrikaanse musiek verander. Ek dink dit was great - dit was die beste ding wat kon gebeur het. Musikaal het ek gedink hulle suig, absoluut. Meeste van hulle. Dit was 'n klomp junk gewees, maar dit het 'n baie goeie uitwerking op Afrikaanse musiek gehad. En dit het mense in 'n ander frame of mind gesit. En die goed wat daaruit ge-emerge het - soos Johannes Kerckorrel wat nou oor hoofstroom toe beweeg. Die goed wat ek voel tipe van internasionaal kan staan - dis 'n nice melodie, dis nie kitsch gedoen nie, dis nie 'n ou geykte... ons sê altyd Decibel [vernaamste platemaatskappy wat Afrikaanse musiek uitgee, onder andere Rina Hugo, Janita Claassen ens.] se sliders [plate-opnamehefborse] het al vasgeroes op een plek: elke plaat klink presies dieselfde - hulle verander nie eens die mix nie.

Sien jy jouself as 'n Afrikanervrou?

Please, dit klink so asof ek 'n kappie dra. Ja, ek is 'n Afrikaner - ek kan niks aan die saak verander nie, verstaan jy dit. Maar ek is eintlik eerder 'n Suid-Afrikaner as wat ek 'n Afrikaner is. Ek kom uit daai hele kultuur uit. Ek kan nie sê ek wil niks daarmee uit te waai hê nie hoewel ek nie saamstem met hoe die Afrikaner dink en hoe hy sekere dinge hanteer nie. Dit is die ou Afrikaner, wat my aanbetref - ek is deel van 'n nuwe generasie jong Afrikaners, mense wat soos ek dink.

Is jy 'n Christen?

Ja. Vir my is dit die grootste drug wat daar is - juis omdat ek so 'n intense mens is en omdat ek deur baie groot highs en baie diep lows gaan glo ek dat dit die enigste ding is wat my regtig tipe van staande hou. Hoekom ek 'n Christen is, is omdat dit vir my werk. Ek glo blindelings daarin - ek vra nie vroeë nie. Ek dink dis die beste drug wat jy kan kry.

Dink jy Pierre de Charmoy is sexy?

Hoekom?

Nee, ek het een keer toevallig na *Op Versoek* gekyk en toe maak jy tersluikse seksuele opmerkings oor hom.

Okay, kom ek stel dit vir jou só: het jy al ooit regoor Pierre de Charmoy gesit? Hy't 'n baie stunning magne... vir my't hy baie sex appeal. Daar's iets wat uit hom straal wat vir my very sexy is.

Hoe intelligent is jy?

Hoe kan jy sulke vroeë vir my vra? Hoe kan ek nou sê hoe intelligent ek is? [Sy lag.] Een ding kan ek vir jou sê en dit is dat ek nie stupid is nie.



Pics: SALLY SHORKEND

daai's die **MOVE**

Standing ovations since the previews and laughs in very different places, **Fairyland** has been welcomed to Jo'burg. The creators of the nostalgic look at the musical culture of District Six, **David Kramer** and **Taliep Petersen**, opened their show at the Market theatre this week. So far it's been seen by 145 000 people during a run of two years and two months in a country with very few stage musical writing teams and even fewer success stories. **CHARL BLIGNAUT** spoke to the pair that gave us *District Six*, *Poison* and now *Fairyland*

Has David Kramer, the writer of stage musicals, hung up his red velskoene?

DK: (Laughs and puts a foot up on the table to reveal his shoes) Ek dra hulle nog. But there hasn't really been time for my own songwriting. In order to write my kind of songs I really need to be thinking a lot and be in that state of mind. My songs came out of a personal philosophy that I was working through and in a way, by 1986 I had kind of completed that journey. The urgency to write those kind of songs wasn't as strong as the need to explore new fields - and that's what I've been doing the last few years. That's not to say that I won't write for myself again.

En wat is Taliep Petersen se storie?

TP: Wat's my storie? Well, just in a nutshell, I come out of a musical family. I was born and bred in District Six and my father inherited a klopse troupe from his father. My great uncle was the chairman of the Malay choir board who become die nuwe board and broke away from the first board for political reasons - and because of the 1952 celebration of the 300 years of Van Riebeeck, part of the

community didn't want to get involved in that celebration. When I was six years old I represented my father's troupe and that was the first time I walked onto a stage. I won many awards as a singer. My first love is the guitar, but I have an incredible love for any string instrument. I went through the whole sort of Coloured thing - because of the permit system we couldn't just play anywhere - so I toured with a group called African Follies. Because of winning the titles I performed with nearly every so called black American singer that came to the country. In 1974 I was in *Hair*, which was my introduction to the theatre. *Godspell*, *JC Superstar*, *Getting My Act Together*, *The Black Mikado*. In 1979 I went to London and went to study classical guitar and came back and started writing productions about District Six and formed a band called Sapphyre and did that for ten years. I was getting bored with being a supporting act and with the recording industry. Then David and I started working together. I still do some performances and I still coach big klopse troupes, in the community and in jails, where they have troupes.

Fairyland is proving to be as successful as District Six.

DK: Ja. When *District Six* closed, the four guys that play the part of the gang, The Sexy Boys, came to us and asked can we write something for them? To do like a cabaret, and we agreed to do that and that was really the start of it, the cabaret evolved into a musical. It's played more performances but in a smaller theatre. *District Six - The Musical* was seen by about 350 000 people.

Most of the great musicals have been written by a team. How does the Kramer & Petersen collaboration work? Sitting-round-the-piano-with-cups-of-coffee?

TP: What's happened is that David mainly does the lyrics and me the music, but it's not as clear-cut as that, we're both involved.

DK: We're involved in the whole process pretty much from beginning to end. We talk our ideas through and I kind of write something up. Often a song is motivated by a set of lyrics that I might write. But we're both songwriters. That

time around the piano is great because it's so surprising.

And the music in *Fairyland*, traditional plus 12 of your own songs?

DK: It's a mixture of traditional Cape music, like moppies, and other music that was popular at the time, like there's American pop music in as well. The purpose of the mix is for it to act as an illustration, because that's what the musical is about. The musical is to inform people as to what the musical culture in District Six was like, what was popular. Moppies belong more in Malay choir tradition than in Coon Carnival. The Coon Carnival is, in it's purity, more a minstrel thing.

There's Mbongeni Ngema, Gibson Kente, you guys and very few others, the popular stage musical doesn't seem to have a very strong tradition in South Africa?

TP: The tradition, from my side of the fence, is still very young. I come out of a school where we copied overseas stars and staged things in a variety show context. Since I started working with David, we went more the theatre route. For a lot of people, going to the theatre or to the movies is an escape, so I think there is a market [for the musical] if you give the audience what they want.

DK: But say we looked at Britain for instance... Up until Rice and Webber, they've kind of defined the British musical along their terms, even in Britain, a country of 60 million people, there's not exactly tens and scores of musicals. Very few people get to this point of writing these things. It's an unusual combination and really difficult to find - a team that can write popular music and lyrics and put the whole thing together. That's why one collaborates. But I don't think we're doing too badly, since *King Kong* there have been big musicals here.

And also, you know with the musical, it needs certain kinds of ingredients which might not satisfy the social worker or the historian. Musical is not necessarily the realism of the theatre or of the cinema. I get tired of being measured on political content or social whatever. No one talks about the songs, the structure of the musical, how musicals compare, they tend not to do that because they actually don't know much about musicals. People have got very little to compare our musicals with because the only thing we've got to compare with is *Joseph and The Amazing Technicolor Dreamcoat*... We're still stuck with *My Fair Lady* and *Oklahoma*. You see *Chorus Line* fifteen years after you should have seen *Chorus Line*. But we're coming out of that now.

What are your favourite musicals?

Both: *Miss Saigon*

What makes the musical form difficult?

DK: The marriage between the words and the music. Also, a musical doesn't work the way a play works. In a play you have much more of an exploration of the characters' heads. With the musical you don't have the same kind of time because songs eat it up. If you're going to have 20 songs in your musical, that's like 80 minutes of music. So, traditionally, the plot structure is quite thin.

***Miss Saigon* is what, only sung lines, like some newer experimental stuff?**


DK: Operatic. A modern opera. Ja, like *Poison*, every line in *Miss Saigon* is sung and that's how the story is told. *District Six* is a plot musical, but *Fairyland* is not a story musical, it's more of a presentational musical. It's a bit like another West End musical, *Forbidden Planet*, using old stuff in a new presentation. We're interested in modern opera and contemporary experiments, but in a more popular style. They tend to become a bit cerebral. We still have to develop audiences, we still have to connect audiences, so we're particularly interested in writing pop music.

TP: What's happened with our shows is that we're getting people into the theatre that have never been in a theatre before.

You concentrate on the Coloured community again in *Fairyland*

DK: It's not about the Coloured community. That's not what it's about. It's about people's memories of what District Six was to them, and more particularly the music. It's about the music tradition of District Six.

T: What is this district? You wanna know? Sit down, sit, I'm going to serve you some nice tea en koesters and then ga' ek jou lekker vatelva' die distrik. If you don't know or weren't there, we'll show you.



DK: It's not to inform you historically about the political situation. We are informing you about the musical culture that was popular.

I've heard a lot of praise of *Fairyland*. The one criticism I heard is that it stereotypes the Coloured community - you know, drinking, dagga, buttons?

DK: The person that gives that criticism only sees that. He doesn't see the man in his dress suit singing Mario Lanza songs and say that's a stereotype. He doesn't recognise the tannie who lives a Muslim lifestyle, he doesn't see the usherettes. He only sees one aspect and says ja, this is Coloured stereotyping.

TP: Waar's daai ou se kop, man, as hy die show kom kyk het? Miskien is hy die buttonkop... Mind dji as ek praat soos 'n hottie? Ek sê nie moenie die werk criticise nie, ek sê ja, criticise die werk, maar sien die werk vir wat dit is, man. Nie vir daai yuppie, intellectual move. As dji 'n Coloured ou sien, dji sien, van die Kaap af, vra dji waar's jou voorste tanne. As hulle 'n Kapenaar sien in Jo'burg en hy't nie voorste tanne, dan sê hulle, dji's 'n Kapenaar. As dji sê ek is van die Kaap af - is dit? het dji dentures in? of is dit jou real move? HULLE het 'n stereotype van ons. In sy kop en in die boeke wat hy lees, man, en die films wat hy gat kyk, create hy 'n Cape Coloured. En dan, dink ekke, is dit sy problem. Because at the end of the day 'n Kapenaar is net 'n Kapenaar. Hy dink nie 'ey, ek moet nou so loop want ek is 'n Kapenaar in case hy loop in die pad

en nou is daar America nou ook in, dan moet hy weet ek is 'n Kapenaar. Ons operate nie so nie. Ons operate soos 'n mens. Laat die Kapenaar decide hoe hy wil fit in society, man. As hy 'n buttonkop wil wees, laat hom 'n buttonkop wees. En as jy care vir hom, sê vir hom, man, los daai ding, daai ding gaan nie vir jou werk nie. Die lewe is net so en daa' fit ek in die picture, daai's die move. Dji weet, ek voel altyd, as ek in die straat loop dan is ek net 'n ou, maar as ek 'n fez opsit, the first thing wat jy is, is "hello gammatjie". As jy 'n red fez move sien dan is jy mos 'n Maleier en wat's die most kommen naam van die Maleier? Gammat. Do you understand what I'm saying?

DK: The couple go to the Star Bioscope, she wears her gold lamé, he's got on his dress suit and his bowtie, and you give off the ticket at the velvet curtains, get to the entrance there where the merchant is standing with the pill, as it was in the Star Bioscope. Now what worries me is that they only see the merchant, they don't see the couple. Why not? Then they'll say, you always portray the Coloured as a this and a that. You're only seeing what you want to see. They're this couple who have got middle-class values, strictly religious.

TP: They both tell the audience, Nay, ons hettie downstairs gesittie because daai was soos 'n zoo, ons het upstairs gesit met die high society. Kyk die show vir wat dit is, man. Daai critic, hy kom Kaap toe en hy doen nie homself 'n favour en kom kyk Mitchell's Plain nie, naai, sê hy, now I must rather get to the Waterfront.



Die swarthout (*Acacia melanoxylon*) a. blomdraende tak b. volwasse blaarsteelvlék c. jong blaarsteelvlék d. blaar e. plat, gedraaide peul (Uit: Plant Invaders - Beautiful, but dangerous)

DAAR is 'n tyd om 'n boom te plant en 'n tyd om een af te kap. Dié week vel ons 'n boom: 'n swarthout (*Acacia melanoxylon*). Dié indringerspesie uit Australië - 'n regop, immergroen, doringlose boom van tussen 10 en 35 meter hoog - word wêreldwyd as een van die belangrikste Australiese acacias beskou vanweë die hoë gehalte van die hout wat veral gebruik word om meubels, brûe, bote en gewerkskole mee te maak. Die hout herinner baie aan dié van die gesogte inheemse stinkhout (*Ocotea bullata*).
Seker daarom dat daar in 1856 besluit is om swarthout as vervangingspesie te plant in die oop kolle wat gelaat is nadat die inheemse geel- en stinkhout so geesdriftig uitgekap is. Die omvang van dié dwaasheid is onberekenbaar, want die swarthoute het nie net dié kaal kolle in woude toegegroei nie, maar groot dele van die inheemse woude verdring. Ongelukkig beskou saadvreters die saad as lekkerny en het dié boom nie net op loop gegaan nie maar heeltemal op die vlug geëtaan: nou is daar swarthoutbome in die Sederberge, die Kaapse Skiereiland, ooswaarts langs die kus af tot in Oos-Kaapland, Natal en die Transvaal. Jy gaan rêrig nie ver hoër te soek om werk vir jou byl te vind nie. (Dié bome het ook groot dele van die inheemse woude in Argentinië en Kalifornië oorgeneem.)

Die klipharde, predatoorbestende saad van die swarthout kan letterlik dekades lank in die grond lê en wag om te ontkiem. Op dié manier versamel groot voorrade saad onder die bome en kan 'n mens seker aanvaar dat die swarthout hier is om te bly.

Dit is 'n moeilike boom om te beheer. Buiten die onheilige alliansie tussen voël en saad, is die wortelstelsel ook in staat om nuwe lote teen 'n ongekende tempo uit te stoot. Rondom volwasse bome is daar gewoonlik 'n magdom van klein boompies. Dit is nie genoeg om die boom af te kap en die jong lote bloot te knip nie; soveel van die wortelstelsel as moontlik moet verwyder word. Teen die tyd dat jy die wortels uit die grond gehaal het, is die gat groot genoeg om 'n ander boom in te plant. 'n Geelhout miskien. - RYK HATTINGH

STILTON VIR PA

en sommer soetmelk vir die kinders

MET weemoed dink ek vandag aan ons oorle pa, wat so lief was vir Stilton-kaas dat ons dit nooit gewaag het om terug te kom uit Engeland sonder om 'n stukkie daarvan vir hom saam te bring nie - gewoonlik mooi verpak in 'n erdebakkie van Harrods of Fortnum & Mason.

Tot my verbasing leer ek nou die dag jy mag nie kaas in die land inbring tensy dit vakuümverpak is nie. Dis glo 'n lewende ding, nes plante en heuning, en hulle kan dit konfiskeer én jou beboet. Raai, nè? Vrind Gyles-die-wynmaker vertel hy en 'n kollega het met nie net letterlik dosyne bottels wyn by Jan Smuts aangekom nie, maar ook met so 'n sterk kaas, gekoop op Orly-lughawe, dat die lugwaardin gesteier het toe sy die kajuitbak bokant hulle koppe oopgemaak het. Gyles en sy maat het hul pad deur die doeane gelieg, want die maat had wat hulle noem 'n "customs manner". Almal daar glo hom, hy lyk soos iemand wat sal bloos as hy jok.

Dié man het die kaas later beskryf. Dit was toegedraai in so 'n gevlegde mandjie, vertel hy, soos 'n heining, sodat die kaas nie kon weghol nie...

My vensterbank staan nog steeds vol potjies van pa se Stilton wat ek van oor die water saamgebring het. Hy het dit tog so geniet, die skerp bloukaas (daar's 'n wit soort), net so geëet, of op broodjies of beskuitjies. Soms sit ek bloukaas (Stilton as ek die dag ryk voel) saam met stroopvye voor as nagereg, en verlang na pa.

TOE PRAAT ONS WEER oor wanneer om kaas by 'n maaltyd te bedien. By die Ingilse het ons geleer dit kom heel laaste, maar die Franse gee jou kaas net na die slaai, nog voor die poeding. Dis sodat jy die laaste van die voortreflike rooiwijn wat julle by die hoofereg gehad het, kan geniet. Ek het al altwee probeer, en voel nie eintlik lus om poeding na kaas te eet nie, hoewel ek versot is op die idee van rooiwijn met kaas, en soet, soet wyn by poeding.

André Launay, 'n kosskrywer van faam wie se werk nou grootliks uit druk is, vertel ons daar is meer as duisend soorte kaas in die wêreld. Dis nogal iets hoor, aangesien feitlik die hele Asië nie suiwelprodukte en dus hoegenaamd nie kaas eet nie. Toe begin ek 'n lysie opstel van al ons lekkerste kase en wat om met hulle te maak.

Leer tog jou kinders die gewoonte af om daardie nare smeerkaas uit bottels of die toegedraaide driehoekies te eet. Dis vol preserveermiddels en dit bederf hul smaak vir goeie kaas terwyl jy cholesterol van vroeg af in hulle are inprop. As die kleinding kaas soek, druk 'n blokkie soetmelkkaas in sy hand, of skep maaskaas op Provita.

Die naaste wat ons aan die peperduur Stilton kom, is Roquefort, een van die gewildste kase in die hele Weste. Lyk my die krummelrige tekstuur en nie-te-sterk smaak is vir ons heerlik - jy kry verskillende soorte op die mark. Dit smelt ook maklik, en hoewel ek my neus vir sulke dinge optrek, is Roquefort-sous by 'n slaai 'n permanente deel van ons restaurantkos. Ek verkies om die blokkies kaas heel by die slaai te voeg en dan 'n gewone skerp vinaigrette gemaak met olyfolie, oor te gooi.

Op die oomblik is ons mal oor goeie beleë Cheddar. Soek die een met die swart randjie. Dit verleen geur aan 'n witsous wat heerlik smaak oor piesangs toegedraai in ham, of oor blomkool. Ek ken baie mense wat verslaaf is aan stukke sterk Cheddar met lemmetjiespekel op brood.

Bokkaas is 'n smaak wat jy moet aanleer. Dis rêrig baie bokkerig, maar die een wat hulle op Fairview-wynplaas maak, is uitstekend. Dis nog 'n lekker kaas om saam met ingemaakte vye of waatlemoenkonfyf voor te sit.

'N ANDER KAAS WAT ek ook al ewe onskuldig die land ingesmokkel het, is egte Hollandse Gouda. Betaal daardie ekstra paar rand en gaan koop vir jou stukkie by 'n goeie delikatesses: hul Gouda is tonne beter as ons s'n, met meer byt dog 'n fyner geur as die oorsoet plaaslike weergawe.

Ek het al so dikwels oor Parmesan geskryf, maar sê dit weer: vergeet van daardie pakkies. Dis vrekduur, smaak soos gegeurde krummels en is nikswerd. Draaf nou na die Italiaanse winkel en koop 'n heel stuk Parmesan, ek weet dit lyk baie duur, maar dit rek ver. Rasper dit by die huis oor jou kos vir ekstra geur. Pecorino is net so 'n lekker rasperkaas, en kos minder as egte Parmesan. Dit is ook nie so hard nie en jy kan dit op sy eie eet op brood en botter, of in blokkies in slaai gooi.

Plaaslike Ricotta is ook hemels lekker, maar onthou dit het feitlik geen sout by nie. Dis dus ideaal vir poedings en soet geregte. Onthou die een van 'n koppie Ricotta gemeng met die dooier van 2 eiers en lepelsvol sjerrie en fyn suiker tot jy 'n goddelike gladde room kry wat jy met beskuitjies bedien.

Ek het dié stokou resepe vir roomkaas-croûtons uit 'n tydskrifresepe van Elizabeth David gekry. Sy meen eiers in roomkaas hou die vulsel op die broodjie sodat dit nie afgly as jy dit in die oond bak nie. Good point, that, my oond is hoeka altyd vol brandstrepe waar die Cheddar afgedrup het en pikswart geword het voor ek enigets agterkom. Nog 'n ding: gebruik 'n plat bak met rande as jy broodjies maak met kaasvulsels, dit keer dat jy mors.

ROOMKAAS-CROÛTONS

Meng sowat 100g roomkaas, die gladde soort soos Philadelphia, duur en heerlik, met 4 lepels gerasperde Cheddar, Gruyère, Parmesan of enige ander sterkerige harde kaas. Voeg verder heelwat vars gemaalde swartpeper by, en soveel fyngekapte knie as jy wil - pietersielie, basilie, tiemie, net waarvoor jy lus het. Roer ook 1 geklitste eier by.

Smeer die mengsel op nie-te-dik snye brood sonder korsies. Daar is genoeg vir 12 middelslag snye. Bo-op plaas jy stukkies ansjovis of halwe stukke olywe. Plaas die croûtons op 'n bakplaat (met 'n rand!) en bak 15 minute teen 180 grade.

Sny die brood in soldaatjies of blokkies en bedien by glase yskoue witwyn wanneer die son bak.

HOW LOW CAN YOU GO?
OUR FRESH PRODUCE COMES FROM BELOW **C**-LEVEL

Sfuzy's

SEAFOOD RESTAURANT
Seekosrestaurant
MILPARK
TEL 7265803 / 7268406

MARKET THEATRE

832-1641

DAVID KRAMER AND TALIEP PETERSEN'S FAIRYLAND
ONS IS READY VIRRIE JO'BURG
DIRECT FROM A 2 YEAR SELLOUT
SEASON IN CAPE TOWN

PREVIEWING FROM 18
FEBRUARY
OPENING 23 FEBRUARY

LAAGER THEATRE

832 1641

MOOI STREET MOVES
DIRECTED BY: PAUL
SLABOLEPSZY
PERFORMED BY: MARTIN LE
MAITRE AND SEPTULA DON
SEBOGODI

UPSTAIRS THEATRE

832-1641

MARIANNE FAITHFULL'S
TELEGRAMS FROM HELL
DIRECTED BY: VANESSA COOKE
FIONA RAMSAY AND THE
JAGGED ROCK BAND

EXTENDED FOR 1 WEEK ONLY

KIPPIES

832 1641

BAYETE ON FRIDAY/SATURDAY

JAZZ FESTIVAL
ON THE MARKET THEATRE
PRECINCT

OLIVER JONES
BRUCE CASSIDY AND BARNEY
RACHABANE
IN CONVERSATIONS
JONAS GWANGA AND JUST
BONES

SUNDAY 21 FEBRUARY FROM
3.00 PM
ENTRANCE R10.00

MARKET GALLERIES

LATEGAN, FOURIE AND
SERFONTEIN - PHOTOGRAPHS
21 FEBRUARY - 12 MARCH

FLEA MARKET

SPEND YOUR SATURDAYS AT THE
ORIGINAL JOHANNESBURG FLEA
MARKET WHERE YOU CAN ENJOY LIVE
ENTERTAINMENT WHILE YOU BROWSE
BARGAIN HUNT IN OUR EXCITING
SELECTION OF STORES.

GRAMADOELAS RESTAURANT

SERVING AN ASSORTMENT OF
DELECTABLE, SPICY, AROMATIC DISHES
FROM THE WHOLE AFRICAN CONTINENT.
PHONE: 838-6960

yipyipyip!


David Kramer en Taliep Petersen se Fairyland is pure vermaak en 'n welkome glimlag innie Jo'burg sê CHARL BLIGNAUT

ONS word alewig vertel hoe die nare apartheid Distrik Ses in sy moer in afgebreek het, van die pyn en verlies en families en vriende wat in duie gestort is. Vandag lê daar maar net die stof van die distrik. Toe kom Kramer en Petersen met hulle nuwe (vir Jo'burg) musical *Fairyland* en dans in die stof van die verlede en wys dat dit ook 'n plek was van sang en dans en jol en glimlag, van 40 000 mense van vele kleure, oortuigings, lewenstyle en skakerings van musiek en kultuur. Die gees van die plek is so half eksoties. Soos die stel en die kostuums, so half cut-out en done-up en mitologies.

Fairyland bestaan uit 21 liedjies, van tradisionele moppies en karnaval-jingles tot die Amerikaanse popmusiek van die Elvis-era. Tom Jones, Mario Lanza, *Da Doo Ron Ron*, *Papa Was a Rolling Stone*, *Old Man River*, *Stop! In The Name of Love*, medleys en klopse, ballades en twaalf oorspronklike liedjies deur Petersen en Kramer. Hulle liedjies is populêr en dikwels humoristies, altyd emosioneel prikkelend. Van usherettes en ouens wat gladder is as vaseline, van tranes en liefde en die ou wat die sterre in die hemel plak, van Farieda en Sexy Suzette, van bende en motorfietse en die groen, groen gras van home. Pleks van 'n storielyn ontwikkel, gebruik Kramer & Petersen die raamwerk van 'n siklus herinneringe om die ryk musikale tradisie vannie distrik, hul eie werk en die opvoeders te onderstreep. Al wat jy hoef te doen is terugsit en glimlag en wag dat die gees jou vang.

Dis die rolverdeling wat die ding doen. Ons het min só 'n klomp mense op 'n Jo'burg verhoog gesien. Billy Jaftha is die ou met die lippe en die distrik se Mario Lanza. Zenith Adams is 'n gedoekte Moslem met 'n raunchy alter-ego wat koesters uitgee voor die musiek begin. Cindy Sampson gaan jou regop laat sit met haar verhoogteenwoordigheid en stem. Dan 's daar die Sexy Boys - Terry Smith se glimlag,

Salie Daniels se rancid diep stem, Giempie Vardien se gladdebek en Dennis Vardien se Tom Jones moves. Aan die begin doen die show se soms swak klank afbreuk aan hul stemme, maar as hul individuele showmanship begin deurskyn, begin hul stemme ook deurkom. Dis die volmaakte rolverdeling. Henry Paulse se choreografie is kleurrik en dra noodsaaklik by tot die skepping van strokiesprentkarakters uit 'n ryk verlede. Dis maklik om sinies te wees oor 'n vertoning wat sonder pretensie en met 'n ope hart aangebied is. *Fairyland* is pure vermaak van die life-affirming soort en sê meer oor die tragedie van Distrik Ses as enige SAUK-dokumentêr of protes-teater. Dit wys jou wat bestaan het en wat ons vernietig het.



Puppets Against Aids - from township to tundra is 'n nuwe dokumentêr wat volgende week by Norwood Seven Arts begin draai. Van plaaslike townships tot Kanada se Arktiese sirkel is die boodskap veiliger seks.

Beweeg kan ons mense bewéég

Die jaarlikse IGI Life/Vita Dans-sambreel is weer by Wits op die planke.

CHARL BLIGNAUT het program een gaan kyk - en sê dinge gebéúr in die wêreld van plaaslike eietydse dans

PROGRAM EEN van Suid-Afrika se belangrikste dansfees bestaan uit dertien uiteenlopende dans-items - en gee vir ons van meisies in duur kostuums uit swierige dansateljees tot stowwerige Soweto skoolseuns se straat-aanslag, van gevestigde dansgeselskappe wat al oorseë getoer het tot avant-garde solo-vertonings en gumbboot-ritueel. Die viering van dans is 'n viering van die gees van die mense en dit lyk asof vanjaar se Dans-sambreel 'n bevrydende ervaring gaan wees.

SUSAN ABRAHAM, 'n danser in die Truk Dansgeselskap (PDC), het verlede jaar bewys dat sy ook 'n belowende jong choreograaf is. Vanjaar het sy die hoogtepunt van die eerste program opgelewer. *Bloodsport* is 'n blitsige, intense, fisieke aanslag. Lewende musiek (verskaf deur André Abrahamse en Reuben Samuels) begin met 'n tromslag. Melody Putu lig Candice Johnstone skielik op in die lug. Wuh! Hulle klou, rol, werp hul liggame teen mekaar. Dit duur net 'n paar minute. Abraham se choreografie is so eenvoudig soos asemhaal en so kompleks soos menslike emosies. Daar's 'n konstante spanning in haar werk tussen vaskleef en loslaat en die botsing gee geboorte aan 'n reeks bewegings wat terselfdertyd klinies en sensueel is. Die twee PDC-dansers bied uitstekende, beheerde opvoerings.

Die ander PDC-werk, *Link*, met choreografie deur Candice Johnstone, is ook 'n opwindende stuk. Dit toon 'n primitiewe ontwikkeling van die menslike vorm en dus beweging. As jy twee voete het en kan loop, sê die stuk, kan jy dans en kan jy styg. Weer uitstekende en ondersteunende opvoerings deur Mandla Mchunu, Melody Putu, Anton van Niekerk en Susan Abraham.

DIE DANSGESELKAP Free Flight blink ook uit. Christopher Kindo se *Flirting* is 'n volwasse en uitdagende stuk choreografie en word gekompleteer deur Adele Blank se *Take 1,3,2 & 5* (uittreksels uit *Lift to the Scaffold*) met 'n heerlike interaksie tussen die dansers wat beweeg en dié wat toekyk op die verhoog. Die geselskap se synchronisering en wisselwerking dra 'n boodskap wat belangriker is as enige storielyn.

KAPPA IS performed by two black boys, Frans Ropholo & Leslie Thomo, calling themselves the Diepkloof Converse Boys. Animated post-breakdance to scratchy techno sounds. They stagger their moves to a simply interacted narrative sketch and kick a style that can only come out of clubs and off the street. White men can't jump, and if they want to flow as effortlessly as this they're going to have to do it under the effects of a strobe light.

JEANETTE GINSLOV is vanjaar terug met een van haar indrukwekkendste stukke. Sy wys dié keer 'n minimalistiese benadering in *Serendipity*. Alleen op die verhoog in wit met 'n kol op die grond wat die werklikheid van haar situasie verander as sy daaraan raak. Sy sê dit handel oor "the happy knack of making unexpected and delightful discoveries by accident" en dit lyk asof sy iets weet wat ons nie weet nie. Sy's 'n uitmuntende danser, maar vanjaar het sy ook bewys dat haar choreografiese styl in 'n unieke stem op die rand ontwikkel.

BEVELGIE en Kim Thackwray verskaf 'n heerlike visuele kombinasie in Gerard Bester se *Down The Road*. Dis intiem en off-beat, maar die bewegings ontwikkel nie effektief genoeg nie en dit hou te lank aan. Ook Thackwray se choreografie in *Saints Nil - Samaritan 1*, 'n werkwinkel-produk, is nie so geslaag soos haar vorige mimiek-agtige styl. Dieselfde geld Therese Herbert se *In Two Minds*. Yo Bob deur Lorraine Rabin is visueel prikkelend, so half futuristies dog klassiek, maar die bewegings is geïk. Maar dis verblydend om te sien hoeveel tyd en aandag in die stuk gesit is. Die Johannesburgse Dansteater se *Letter To A Nation* bied 'n tegniese geslaagde opvoering deur Paula Preller, maar daar's 'n gebrek aan konseptuele benadering wat die stuk net te cute laat lyk.

VIVA GRASSROOTS! Nomsa Manaka se *Children of the Blues People* oor straatkinders is meer opvoedkundig as kunstig. Die Soyikwa Institute se dansers word die geleentheid gegee om 'n statement te maak, te praat oor die werklikheid van die straat en, deur middel van dans, verby hul situasie te projekteer. Die enigste tradisionele nommer op die program is ook een van die mees vibey en effektiewe stukke. Die Rishile Traditional Dancers se *Remembrance - S'Khumbuzo* is Afrika, bra, gumbboot en kraal. Dit was die eerste nommer op die aand se program. Die ritueel en die purgasie van beweging. En beweeg kan ons mense bewéég.



Die Rishile Tradisionele Dansers in aksie met *Remembrance*

Klip oog oor die week se tv

Die klein 'moordenaars'

DIE ontstellendste nuus wat Klip oog die laaste week op TV gesien het, was nie die haat, geweld en korrupsie in Suid-Afrika, die kannibalisme en verkragting in Bosnië-Herzegovina, die tornado's in die VSA of die hongersnood by groot menigtes nie. Dit was die beweerde moord op 'n tweejarige kleuter deur twee tienjarige Britse seuns, wat die outjie blykbaar van sy ma weggeleek het in 'n winkelsentrum.

Wat Klip oog die meeste ontstel het, was die tonele van hordes Britse burgers wat die bloed van die twee gewelddadige penkoppe eis. Het hulle die kinders in die hande gekry, is die twee sweerlik aan die naaste skoorsteen opgehang.

Buiten dat so 'n vergeldingsdrang sinneloos blind is - presies wat gebeur het, was in dié stadium nie eens bekend nie - is dit 'n lafhartige ontkenning van verantwoordelikheid deur die publiek. Was die opvoeding van die twee beskuldigdes nie die kollektiewe taak van die samelewing nie?

Straks het die historiese hordes tog 'n onderdrukte skuldgevoel uitgedruk in hul bloedorstige ontkenning van die twee "belhamels" se kindskap. Sou die bohaai so histories gewees het as hulle middeljarige psigopate was?

Klip oog hoop ons televisie doen omvattende verslag van dié saak want kindergeweld is vir Suid-Afrikers ongelukkig ter sake. Ons het al pynlik ervaar hoe selfs tjokkertjies hulle kan oorgee aan die gruwelikste geweld.

In hul besinnings hieroor kyk Suid-Afrikers gewoonlik na die opsigtelike plaaslike oorsake: die vervreemding en veronregting in 'n samelewing wat deur apartheid verwring is. Maar dié voorval in 'n betreklik "stabiele" welvaartstaat herinner jou daaraan dat die verharding en kriminalisering van kinders 'n wêreldwye verskynsel is - veral waar die Westerse kultuur se invloed heers.

Die aanhangers van die Westerse kapitalisme - en ons kan hier in Afrika nie aan die greep daarvan ontsnap nie - moet nog diep besin oor 'n kultuur wat mense so ongelukkig en liefdeloos maak dat hul kinders óók nie die liefde kry wat nodig is om hulle gesond te hou nie.

DIE TV-MEDIUM is nou betrokke by dié vraagstuk. Vir eers is dit die spreekbuis van 'n kultuur wat geweld gelykstel met vermaak: moordtonele is alledaagse verstrooiing op jou TV-skerm. Kan jy kinders dit verkwalik as hulle dalk die indruk kry 'n mens se lewe is onverskillig wegdoenbaar?

Klip oog bepleit nié die sensurering van geweldtonele op

TV nie, want sensuur kan geensins aan die wortel van die geweldkultuur raak nie en het op sigself altyd net bose gevolge. Dis nie die gewelddadige TV-program wat die gewelddadige kultuur veroorsaak nie, dis die kultuur wat die TV-program voortbring.

Die televisie wat die geweldkultuur weerspieël, kan egter ook baie doen om dié geweldkultuur te bevraagteken - ter wille van alle kinders. Maar dan moet die medium sy eie neiging tot vlugtigheid beveg. Programme soos die reeks CNN-insetsels dié week met die titel *My Playground, My Battlefield* (oor die deur oorlog verskeurde kinders van Bosnië-Herzegovina, Palestinië-Israel en Somalië) raak net oppervlakkig en sentimenteel aan die lyding van kinders in 'n wêreld van konflik. Om die oorsake van vervreemding en geweld te ondersoek, is gewigtiger reekse nodig.

Die televisie se vermoë om mens kant te laat kies deur jou persepsies - bewus of onbewus - te manipuleer is ook geïllustreer deur die berigte oor die Britse kleuter se dood. In die eerste beeldmateriaal wat uitgereik is, het 'n mens 'n volkleur-nabyskoot van die klein slagoffer se oop en innemende gesiggie gesien - onmiddellik was hy 'n lewende persoonlikheid wat jou simpatie laat opwel.

Daarenteen is video-beelde vertoon, verkry van 'n veiligheidskamera in die winkel, waarop sy twee jeugdige ontvoerders net as vae, gesiglose - en dus "skaduagtige" - figure in lewelse swart en wit te sien was.

Nou is dit die televisie se taak om hulle óók as lewende mense - kinders - in te kleur. 'n Mens wil die storie hoor van presies wat met hulle gebeur het sedert hulle ewe onskuldige tweejarige kleuters was as die een wat nou dood is.

DAAR IS 'N VERBAND, meen Klip oog, tussen dié twee gesiglose kinders en die arme drommel wat dié week 'n jong meisie as gyselaar aangehou het op die Johannesburgse stasie. Hy het geëis om sy lewensverhaal aan 'n TV-joernalis te vertel. Die volgende oggend verskyn die joernalis op *GMSA* en sê hy het sy testament aan haar gedikteer, maar sy sal die kykers dit spaar want dis vervelig.

Klip oog vind dit ironies. Is dit nie juis om 'n merk in 'n onverskillige wêreld te laat dat hy - en straks die tweetjies in Brittanje - hul onbesonne dinge gedoen het nie? Die man het 'n soeke na troos aangegee as die rede waarom hy die meisie aangehou het - sy was klein en troetelbaar.



AFRIKAANS STEREO: HOOGTEPUNTE DIÉ WEEK

KLANKBORD - MENSE, MENINGS EN MUSIEK
TYD: MAANDAG 1 MAART OM 9.15NM.

ALEXANDER STRACHAN EN LOCHNER DE KOCK
GESELS OOR DIE AFRIKAANSE
SKRYWERSGILDE SE BERAAD IN APRIL EN
SOMMER OOK OOR HUL EIE KREATIWTITEIT.
AANGEBIED DEUR SUSAN BOOYENS EN DAWID
VAN LILL.

WAT SÊ DIE REG?

TYD: DINSDAG 2 EN 9 MAART OM 11.30VM.
IGNA KLYNSMITH, DIE PRESIDENT VAN DIE
PROKUREURSORDE VAN TRANSVAAL, EN ANNE
TRUSSLER BESPREEK DERDEPARTY-EISE.
AANGEBIED DEUR GIDEON VAN DEN BERG.

OOP GESPREK

TYD: SONDAG 28 FEBRUARIE OM 5NM.
AANBIEDER FRANCOIS THERON GESELS MET
VERSKEIE VERTEENWOORDIGERS OOR WAT
BEDOEL WORD MET GODSDIENSVRYHEID. VAN
DIE DEELNEMERS IS CARL NIEHAUS EN PROF
PIETER POTGIETER.

SKRYWERS EN BOEKE

TYD: DONDERDAG 4 MAART OM 9.15 NM.
'N BESPREEKING VAN PJ BOSMAN SE
DIGBUNDEL RYP GEEL KRING, AANGEBIED
DEUR DANIEL HUGO.

Kultuur IS VROT MELKPOEIER WAT HULLE DESTYDS IN KOEVERTJIES VERKOOP HET.


Kultuur loop sy eie paadjie. Van Hans Die Skipper tot by Griet Skryf 'n Sprokie. Van Maria Callas tot by Karla Krimplien.

Vir die een mens is dit kuns en musiek, vir 'n ander is dit godsdiens en politiek. Vir die een is dit kosbaar, vir 'n ander is dit weggooigoed. Afrikaans Stereo is 'n kultuurstasie. In vandag se warrelwindwêreld luister ons boe die moderne Afrikaanssprekende leef, wat by doen, wat by sê, wat by glo, boe by sing, lag, huil en ontbou.

Ons gaan terug na die goeie goed van gister, baal dit uit en vryf dit blink.

Afrikaans Stereo loop oor die brú na anderland en ondersoek die bande met ons stamkulture. Ons spring oor die draad en gesels met die buurkulture.

Ons dink onafbanklik, ons diens is vars en lewenskragtig, dit erken verskeidenheid en praat met insig. Ontmoet ons by 100/104 FM en ontdek die kultuurwêreld van vandag saam met Afrikaans Stereo.



r a d i o s o n d e r g r e e n s e



Die dilemmas van 'n enkelouer

Chris Menges se rolprent *Criss Cross* toon 'n subtiële aanslag wat selfs alledaagse gebeure meesleurend maak, skryf **ANDREA VINASSA**

DIE rolprentfotograaf Chris Menges - hy het die Oscar vir *The Killing Fields* gewen - het daarin geslaag om kinders te laat uitblink in *A World Apart*. Johdi May het naam gemaak as die fiktiewe inkarnasie van Joe Slovo se dogter en dit was danksy Menges se subtiële aanslag dat sy die skaam Suid-Afrikaanse tiener so volmaak uitgebeeld het.

Dis seker waarom hy aangestel is om die regie van *Criss Cross* te behartig. Dit was egter nie 'n slegte keuse nie, want Menges se kenmerkende styl is oop, natuurlik en verfrissend eenvoudig. Die verhaal speel in Florida (Amerika se vakansie-staat) waar die son helder skyn soos in Suid-Afrika. Dit is dikwels moeilik om 'n stemming te skep in sulke helder plekke. Menges, waarskynlik omdat hy eerstens 'n fotograaf is, weet hoe om visuele wonderwerke uit 'n vakuum te haal. Die pas is eerder Britse as Amerikaanse - stadige, lang skote en subtiliteit eerder as aksie en bloedvergieting. Dit is ook nie soetsappig nie.

Criss Cross, 'n soort coming-of-age-prent, speel in 'n kusdorp af. Chris (David Arnett) is 'n min of meer tipiese kleindorpse kind wie se pa die gesin verlaat het - hy swem in die see, speel met sy maats, werk, gesels met sy vriendin en ervaar stil-stil die pyn van pa-loosheid. Chris word gedwing om allerlei werkies te verrig.

MENGES SLAAG DAARIN om die verveligste alledaagse gebeure interessant in die verhaal te integreer.

Verbasend genoeg speel Goldie Hawn 'n gewone mens en hoef sy nie haar oë soos pierings oop te rek om die karakter uit te beeld nie. Haar karakter sukkel om die pot aan die kook te hou deur as kelnerin te werk totdat sy besluit om 'n verkleedanseres te word - dié werk betaal vyf keer meer.

Die prent raak aan al die dilemmas van enkelouerskap. Hoe verduidelik die ma aan haar seun dat sy 'n nuwe verhouding wil aanknoop, hoe laat sy hom verstaan dat sy pa nie gaan terugkeer nie, en hoe vertel sy hom van haar nuwe werk as verkleedanseres?

Niks melodramaties gebeur nie, en tog boei die prent enduit. Dit is eintlik Arnett se prent - hy is intelligent, gevoelvol en ondernemend, en word nooit op 'n nêrbiugende manier behandel deur die regisseur nie.

Die verhouding tussen ma en seun is gebou op vriendskap, wat Menges die kans gee om intense tonele tussen die twee te skep waarby alle ouers en kinders aanklank kan vind.

Dit is ook 'n verligting om 'n prent te sien wat nie in 'n stedelike omgewing vol video-games en hip taal geplaas is nie.

Die verstremgeling van obsessie en oortreding

Roman Polanski gee nuwe betekenis aan die konsep double dating. Wanneer Nigel en Fiona, 'n ryk Engelse egpaar, vir Oscar en Mimi tydens 'n Mediterreense skeepstog ontmoet, begin 'n sinistêre spel van manipulasie en psigologiese afpersing. **ANDREA VINASSA** het die donker reis deur die verbode nogal geniet

OSCAR (Peter Coyote) is 'n gefrustreerde Amerikaanse skrywer wat homself jare gelede in Parys gevestig het. Hier sou hy, soos die Hemingways van die verlede, sy groot roman skryf. Hy is 'n hartstogtelike romantikus wat sy voorliefde vir afwisseling as minnaar uitleef.

Op 'n dag loop hy 'n beeldskone skepsel op 'n bus raak en soek hy haar tot hy haar kry. Die noodlot het die verruklike Mimi (Emmanuelle Seigner), 'n jong danseres, aan hom oorhandig. Hulle eerste maande saam is 'n warboel passievolle oomblikke. Hulle verken elke uithoek van mekaar se harte en lywe. Hulle leef en leef saam. Die buitewêreld word uit hul idilliese liefdesnes verban. Sy draai hom by die ontbyttafel aan deur melk by haar mond te laat uitloop. Die melkerige kwyl loop by haar borste af en Oscar vergeet van die roosterbrood...

Hulle liefdemakery raak al meer waansinnig en waaghalsig. Man, dis true love. Mimi kry vir haar 'n S&M outfit en bind vir Oscar aan 'n stoel vas. Sy skop hom bietjie rond, maar dit is alles deel van die pret. Want hulle het mekaar mos innig lief.

Ná 'n paar maande is Oscar skielik en sonder rede verveeld. Hy het genoeg gehad van Mimi en soek nuwe weivelde. Mimi, egter, is nog smoorverlief op hom en is geskok deur sy aankondiging dat sy asseblief sy lewe moet verlaat. Natuurlik bly daar nie eens vriendskap vir hulle oor nie.

TOT EN MET HIERDIE tonele, lyk *Bitter Moon* soos 'n powere prent wat nooit uit die minderwaardigheid sal opstyg nie.

Maar Polanski is 'n geslepe kêrel. Sy styl is onsubtiel en vulgêr. Hy pak egter die saak van menslike verhoudinge met barbaarse eerlikheid aan. Die alledaagshede van die verhoudings tussen die twee egpare is uiters bekend. Polanski bied hulle net met 'n verskerpte werklikheid aan.

Die regisseur het al 'n tragedie of twee in sy lewe ervaar en gebruik sy ervaring om die gebeure en emosies met 'n ironiese galgehumor te laai.

Bitter Moon speel in twee tydvakke: in die hede dwing Oscar die armsalige Nigel om na die ongere besonderhede van sy verhouding met Mimi te luister en in die verlede wys Polanski vir ons wat presies gebeur het. Oscar is 'n gemene en bitter mens wat verlam is. Intussen begin Nigel verlief raak op Mimi en dit wil voorkom asof Oscar dit aanmoedig. Nigel is 'n patetiese wrak en moet lieg en bedrieg om sy verbode vriendskap met Oscar te vol te hou.

Dit is duidelik dat Oscar plesier put uit Nigel se pyn, verwarring en seksuele repressie.

Die prent lewer verontrustende kommentaar op liefde, verhoudings, die huwelik en die ineenstrengeling van obsessie en oortreding. Polanski se mense is wreed en geneig tot groteske gedrag wanneer hulle nie meer deur romantiese liefde berskerm word nie. Daar is heelparty skitterende waaktonele waaruit die kyker 'n perverse genot put.

Die prent handel oor psigologiese sado-masochisme, maar dit is ook 'n stryd om daar te sit. Diegene wat geduldig is, sal beloon word.

Ingeval jy sinies geraak het...

Oor 'n maand of so is dit weer rolprentfeestyd. Len Davis het Neil Jordan se jongste prent, *The Crying Game*, aangekoop en sal dit op die komende Internasionale Rolprentfees vertoon. As *Bitter Moon* jou in 'n diep depressie dompel, sê **ANDREA VINASSA**, sal *The Crying Game* jou geloof in die mensdom herstel

THE CRYING GAME is 'n romantiese riller wat 'n A gekry het by byna elke Amerikaanse rolprentkritikus. Dis geskryf deur Neil Jordan, die Ierse skrywer-regisseur wat ons in 1986 met *Mona Lisa* getrekteer het.

Stephen Rea, een van Ierland se bekendste verhoog- en rolprent-akteurs, speel Fergus, 'n soldaat in die Ierse Republikeinse leer wat op 'n dag besluit hy is moeg vir al die geweld waarvoor hy verantwoordelik is. Hy en sy groep ontvoer 'n swart Britse offisier (gespeel deur Forest Whitaker van *Bird-faam*). Die probleem is - hulle bond. Wanneer Fergus besef hy kan nie meer koelbloedige politieke moorde pleeg nie, vlug hy Londen toe waar hy 'n nuwe naam en identiteit aanneem.

Fergus se skuldgevoelens oor die soldaat spoor hom aan om te gaan besoek afê by die offisier se minnares. Dil (Jay Davidson), 'n haarkapster en sangeres wat kort rokke met sequins dra, raak onmiddellik verlief op die geheimsinnige vreemdeling. En Fergus, in twee geskeur deur skuldgevoelens en begeerte, is net so gefassineer deur die swart vrou. Lyk my Jordan het 'n ding oor liefde oor die kleurgrens.

In elk geval, die buitelandse resensente sê die gehoor raak saam met Fergus verlief op Dil en sodra dit gebeur, slaan Jordan ons met 'n koester van 'n kronkel in die verhaal.

Fergus stel homself aan as Dil se lyfwag - dit herinner aan *Mona Lisa* waarin Bob Hoskins ook versot is op 'n swart vrou wat hy wil beskerm. In *The Crying Game* is die verhouding egter wederkerig en platonies.

Jordan gebruik die situasie om te illustreer hoe die liefde lei tot 'n wedersydse ontbloting van mense se werklike identiteit en hoe die liefde kan groei van oppervlakkige aantrekkingskrag tot diep toewyding.

'n Mens hoor Stephen Rea se vertolking van Fergus se lirie en aangrypend. Rea se: "He's an innocent because ideology has closed him off to a lot of things. And then suddenly, when somebody becomes available to him, the floodgates open. He's on a sort of a quest for redemption, but he ends up sullied, doesn't he?"

Rea is getroud met 'n vrou wat self aan die IRL verbonde was. Dolours Price het agt jaar lank in 'n tronk gesit nadat sy daarvan skuldig bevind is dat sy 'n motorbom geplant het. Nog hy nog sy vrou is deesdae by die politiek betrokke.

Rea speel nou in die Broadwaystuk, *Someone Who'll Watch Over Me*, 'n komedie oor drie gyselaars in Beiroet wat geskryf is deur Frank McGuinness.

Die resensent van die *Entertainment Weekly* se laaste woord oor *The Crying Game* is: "By the time it is over, you'll never look at beauty in quite the same way."

Lokaas vir die rolprent-toeriste

Die doel van Hollywood is om ons na vreemde kulture te voer sonder om ons (en die sterre) se kopsels deurmekaar te krap. Dié week reis ons na die Amerikaanse grens naby die New York van die agtiende eeu en na die Hassidiese gemeenskap van die hedendaagse New York. Hier is **ANDREA VINASSA** se toergids

SELFS Daniel Day-Lewis kan *The Last of the Mohicans* nie red nie. Hy het 'n tan en dra designer-leerklere en bewys dat hy tog 'n skitterende atleet is. Maar was dit sy eerste rol, sou hy spoorloos van die toneel verdwyn het. Nou is hy 'n groot ster en kan hy seker enige snert opdis en sy fans sal hom vergewe.

Ek is een fan wat hom nie sal vergewe nie.

Diegene wat gekla het dat *Dances With Wolves* nie die paal haal nie, sal dankbaar wees dat Kevin Costner ten minste die moeite gedoen het om die taal en lewenswyse van die oorspronklike inwoners van Amerika min of meer outentiek probeer weergee het.

The Last of the Mohicans is regressief: die inboorlinge word as boosaardige ondiere uitgebeeld. (Toegegee, die meeste van die Europeërs ook.)

Dis nogal moeilik om *The Last of the Mohicans* se verhaal uit te pluus. Miskien is ek dom, maar ek moes die perspakkie raadpleeg om te ontdek dat die prent 'n avontuur/liefdesverhaal is wat hom in 1825 afspeel. Hawkeye (Day-Lewis), die aangenome kind van die Mohikaan Chingachgook, en Cora Munro (Madeleine Stowe), die dogter van 'n Britse offisier. Hulle ontmoet mekaar midde-in die oorlog tussen Frankryk en Engeland - elkeen word ondersteun deur 'n wrede groep Amerikaanse inboorlinge (Native Americans).

Die prent is 'n halfhartige aanklag teen koloniale hebsug. Die inboorlinge se lewens word heeltemal verwoes deur die teenwoordigheid van die Europeërs. Hawkeye is deel van die setlaar-gemeenskap wat hulle aan die grens tussen Amerika en die toekomstige Kanada gevestig het. Daar is reeds die gerommel van die setlaars se begeerte om hulle van die moederkontinent los te maak.

Dit is 'n boeiende stukkie Amerikaanse geskiedenis, maar word sonder enige narratiewe helderheid vertel. Die regisseur stel meer belang in die liefdesverhaal tussen Cora en Hawkeye as in die geskiedenis. Michael Mann wou graag 'n prent maak oor 'n verhouding oor die "kleur- en kultuurgrens", maar het nie die balls om 'n verhouding tussen 'n ware Amerikaanse inboorling en 'n wit vrou aan te pak nie, daarom kies hy 'n wit karakter wat grootgeword het in 'n inboorling-kultuur. Hoewel dié geval in tientalle rolprente uitgebeeld word, was dit in werklikheid 'n betreklik seldsaam.

My geduld het nou opgeraak met die Hollywood-apartheid en die uitbuiting van Amerikaanse inboorlinge deur die rolprentbedryf. Dis nou hoogtyd dat ons almal in opstand kom daarteen.

WEES GEWAARSKU - Moenie 'n *Witness* verwag nie. Hoewel *A Stranger Among Us* ook handel oor die besoek van 'n polisie-persoon aan 'n religieuse groep wat hulself van die ewels van die wêreld afgesluit het, kan dit nie met *Witness* vergelyk word nie. Dis een lang cliché.

Melanie Griffith speel die hardgebakte polisie-vrou wie se moedswillige sneller-vinger haar grootste vyand is - sy is 'n tawwe doedie wat haar hare peroxide en verskriklike kort rokkies dra en kla as mans seksistiese kommentaar lewer. Cliché nommer een. Cliché nommer twee: haar baas stuur haar op 'n joppie wat belooft om geen aksie op te lewer nie. Alle cops is mos in die game vir die aksie.

Sy moet 'n moord oplos in die ortodokse Hassidiese gemeenskap in New York. Die eintlike doel van die prent is



Daniel Day-Lewis

nie die oplossing van die moord nie, maar 'n preek oor die geestelike armoede van mense sonder stewige religieuse waardes.

Melanie kleur haar hare muis-bruin en pak 'n tas vol muis-bruin skirts. Sy moet inpas by die rebbe se mooi en skoon gesin. 'n Mens weet altyd wanneer mense in rolprente hemel toe gaan - dié sonder puisies (of puisie-lletsels) is die goeie ouens. Nou ja, die rebbe se dogter en seun het geen puisies of puisie-lletsels nie. Melanie ook nie, maar sy verdien haar verlossing deur haar waardes te heroorweeg.

Sodra Lumet die Hassidiese enklave binnedring, praat almal skielik stadiger en in fluisterstemme. Daar is 'n heilige waas oor die lens en die lig is so 'n geel kleur. Hulle is natuurlik almal wys en praat in ouderwetse volksgesegdes soos "God counts the tears of women."

Melanie raak verlief op die rebbe se geniale seun. O, die verbode liefde. Dis heeltemal onverstaanbaar, want hy is 'n wimp en glad nie so sexy soos Barbra Streisand in *Yentl* nie.

Anyway, Melanie geniet haar motza-balle en leer vinnig dat 'n mens nie die melk in die vleis-yskas mag bêre nie. Sy voel aangetrokke tot die seksisme en die kuisheid van die Hassidiese tradisies - seker omdat sy nie 'n ma het nie en haar pa 'n gevoellose oud-polisieman (en heel waarskynlik 'n ateïs) is.

'n Mens wag nogal lank vir 'n bietjie spanning, maar naderhand besef jy dat Melanie en die rebbe se seun nooit bymekaar gaan slaap nie. Sy grootste oortreding is om twee minute alleen saam met haar deur te bring in haar hospitaalkamer, waar sy herstel van een van die maklikste joppies van haar loopbaan. Tenu op kantoor is sy selfs pels met die anti-semitiese dwerg wat in haar vorige lewe seksistiese opmerkings gemaak het.

Wat leer die prent vir ons? Dat trou en kinders kry 'n goeie vrou kenmerk - nie hard praat en vloek nie.

Lumet is die regisseur wat vir ons twee van die skitterendste polisie-fieks gegee het, *Serpico* en *Dog Day Afternoon*. Miskien moet hy nou maar aangestel word as die Hassidiese gemeenskap se publisiteitsbeampte.

Table listing theater listings for Johannesburg (JHB) under categories like Village Walk, Bedfordview, Johannesburg, and Kaapstad. Each listing includes the title, showtimes, and phone number.

STER-KINEKOR EXPERIENCE IT FOR REAL SEE IT FIRST WITH STER-KINEKOR. Advertisement for the big screen movie guide.

Advertisement for the Charlie Chaplin Film Festival at Stellenbosch 14. Includes a large image of Charlie Chaplin and a detailed film schedule with titles like 'The Gold Rush', 'Modern Times', and 'The Great Dictator'.

Table listing theater listings for Kaapstad, featuring titles like 'Last of the Mohicans', 'A Stranger Among Us', and 'Under Siege'.

Table listing theater listings for various Nu Metro venues including Claremont, V & A, Stuttafords, and Sea Point. Listings include titles like 'Last of the Mohicans', 'The Bodyguard', and 'Under Siege'.

film vryekeuse films

ROLPRENTE SONDER STERRE IS NOG NIE BEOORDEEL NIE; HIERDIE IS NIE 'N VERGELYKENDE SKAAL NIE; DIT IS ONMOONTLIK OM ROLPRENTE IN VERSKILLENDE GENRES MET MEKAAR TE VERGELYK



So 'n ou diwel: Polanski maak al weer amok met ons moraliteit. Emmanuelle Seigner en Heaven Grant in Bitter Moon wat vandag by teaters van Ster-Kinekor begin draai.

****** VOORTREFLIK**
****** STERK AANBEVEEL**
***** SIEN GERUS**
**** SO-SO**
*** VERMY AS JY NUGTER IS**

****** BITTER MOON**
 Sien resensie op bladsy 36
**** THE LAST OF THE MOHICANS**
 Sien resensie op bladsy 37.
***** CRISS CROSS**

In 1969 America focused its collective eyes on the Apollo astronauts on the moon. For one single mother and her adolescent son, however, the time is marked by the struggle to make a better life and the lessons that are learned through overcoming adversity together. Despite its blurb, this is a refreshing film. Shot in a relaxed and airy style, it is so natural that you forget you are watching a movie. **ANDREA VINASSA**

STREET CRIMES
 Dennis Farina plays tough, no-nonsense cop (aren't they all?) comes face to face with a street lord intent on destroying LA with drugs. Stay away. For action audiences.

*** A STRANGER AMONG US**
 Melanie Griffith is a New York cop and goes to work amongst the Hasidim. See review on page 36.

UNDER SEIGE
 Steven Segal as a cook who knows more about life than just making white sauce. Mega nuclear paranoia film full of pock-marked terror's. A martial arts extravaganza.

****** HEARTS OF DARKNESS**
 Een van die aangrypendste prente wat ek nog gesien het. Francis Ford Coppola se vrou, Eleanor, se dokumentêre prent oor die uitmergelende proses wat die regisseur moes deurmaak om sy oorlogprent Apocalypse Now te verfilm. Mevrou Coppola het vir haar werk 'n Emmygewen en sy verdien die ou prysie waaragtig. Sy verdien nog medaljes omdat sy met Coppola getroud is nadat

hy haar op stel verneuk het. Sulke juicy details is deel van die vertelling, ook Martin Sheen se hartaanval, die 140 mense wat tydens 'n reënstorm gesterf het, die oorlog in die Filippyne en die feit dat die ateljee wat die geld vir die prent voorgeskiet het, vir Coppola wou sink. Die prent bewys dat die waarheid meer opwindend, intens, aanrpend en insiggewend is as fiksie. **ANDREA VINASSA**

**** MR BASEBALL**
 If the Americans are going to be colonised by the Japanese, they'll not allow it without a fight. Tom Selleck uncovers America's secret weapon: baseball and conquers the little slant-eyed fellows who gave us Ninja films. Wishful thinking. Bigotry is fine when its funny and the jokes in this one aren't. **AV**

CONSENTING ADULTS
 Kevin Kline, Mary Elizabeth Mastrantonio and some unknowns re-enact the suburban nightmare. Kevin develops a dark passion for his neighbour's wife and nasty things happen to him.

*** WILD ORCHID II**
 Nouja, die een se subtitel is Two Shades of Blue. Hopelik is die prent blou genoeg vir die ouens wat uitgehonger is vir porn en nie 'n cabana by Sun City kan bekostig nie. Wild Orchid I was ten minste raunchy. Asjy 'n pormerige movie gaan maak, moet jy ten minste 'n hoofaktrise kies vir haar sex appeal. Nina Siemaszko het te min daarvan. **AV**

****** CRAZY IN LOVE**
 Crazy in Love is a silly title for a film with rather weighty things to say about family dynamics and marital trust. The title should read something like Love Makes You Crazy. Not that Martha Coolidge's latest film is in any way laboured. It has the appearance of a conventional and traditional film about four women who live more or less alone on an island off the coast of Seattle. Crazy in Love is a distinctly middle-class film. Money and keeping a roof

over their heads is not the object for grandmother Pem (Herta Ware), her daughter, Honora (Gena Rowlands), and her daughters, Georgie Symonds (Holly Hunter) and Clare (Frances McDormand). One the surface they have perfect lives - they live on a magnificent island, catch planes to the mainland when they need to see the real world, but each of them have been left emotionally bereft.

The central character is Georgie who is plagued by an irrational fear that her husband will commit adultery. Her fears seem irrational until the family history slowly and subtly unfolds in the normal course of life on the island.

Martha Coolidge, with this film which is not afraid to wear its heart on its sleeve, tells us that maybe the nuclear family was not so healthy at all.

Crazy in Love gleams its strength and emotional centre from the performances of the four women who play the pillars of the matriarchy. It is gratifying to see the magnificent Gena Rowlands on screen again. **AV**

**** OF MICE AND MEN**

Exactly. The men who made this film about America's macho past are mice indeed. Certainly in the filmmaking stakes. Gary Sinise, the young (young in every way) actor should have looked to great directors like John Ford who had a superb feel for landscape. Sinise might be able to act - he has been playing the lead in the stage play in Chicago for years - but he displays very little vision as a filmmaker. There is only one reason to see the film - John Malkovich, who is always fascinating even if you hate his every Method move. Unfortunately the fact that he is a midget and not a huge lumbering man is all too evident... the padding in his shirt is obvious and while the other farm workers have their sleeves rolled up in the stifling heat, Malkovich has his shirt buttoned to his throat. Do these guys take us for idiots? **AV**

**** SNIPER**

Sniper is al voorheen gemaak: dink maar aan Mel Gibson se Lethal Weapon-pogings. In dié tipe films is een van die twee hoof-Manne óf mal óf snaaks óf onervare - wat dan vir vele "komiese" situasies sorg. In Sniper word dié potensiaal geïgnoreer om eerder te konsentreer op die spanning tussen twee Manne wat maar net nie kan bond nie. Miskien omdat Ware Man B (Billy Zane) 'n lewe back home het, en arme Ware Man A (Tom Berenger) nie een het nie. 'n Bummer. Vroue is natuurlik ietwat onbelangrik in flieks soos dié: hulle skiet nie, maar skarrel en squeal en wys so nou en dan hul tete. In Sniper gebeur laasgenoemde nie want dis 'n "oorlogsituasie" en die grootse tema is manlike kameraderie. Al wat die Ware Manne nodig het, is 'n lewensgevaarlike situasie om die adrenalin te laat pomp - die groot besef dring dan deur: daar is groter dinge as net individuele geskille. Ja, daar is om te Lewe en te Sterwe vir Volk en Vaderland. **CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN**

ONLY YOU

The search for the perfect mate has preoccupied mankind (especially opportunistic filmmakers) since he crawled from the primordial soup millenia ago. Arguably, he has not progressed much in his methods. With Andrew McCarthy. Directed by Betty Thomas.

****** KAFKA**

Soderbergh se "fiktiewe meditasie op die temas wat Franz Kafka in sy skryfwerk ondersoek het" is 'n imposante stuk filmwerk, maar nie waffers oorspronklik nie. Trouens, Kafka is 'n doelbewuste sameflansing van ekspressionistiese Duitse prente, noir-rillers en ou Hitchcock-idees wat hulle oorsprong het in North by Northwest en The Lady Vanishes. Dié jong Amerikaanse

regisseur hou sy lyf lekker Europees en skep, met die hulp van briljante kunsregisseurs, 'n duistere onderwêreld vol outoritêre kantoorpolisiemanne en staatsonderdrukkers. Dit is die soort wêreld wat Woody Allen in Shadows and Fog opgestuur het.

Die eeu-oue twis tussen die individu en die staat, tussen die private en die publieke sfeer, word met 'n makabere en ironiese opgetoënheid uitgebeeld. Soderbergh spaar sy gehoor geen wreedaardigheid nie, maar hy is geen vervelige preker nie - die humor fladder onder elke donker toneel. Die banaliteit van boosaardigheid bied die regisseur en sy span met onberispelike smaak aan. Terry Gilliam se Brazil mag oorspronklik gewees het, maar Soderbergh se 'n het meer styl. **AV**

***** DRACULA**

The costumes are much more lively than the actors inside them. **PAT DOWELL (IN THESE TIMES)**

*** STORYVILLE**

More sex, lies and videotape - James Spader is entangled in enough confusing subplots to service a dozen political thrillers. Concocted by the other half of Twin Peaks, Mark Frost, Storyville transports us to the New Orleans natives of the city never recognise - the city where, on each street corner, someone is biting off a chicken's head. Part courtroom drama, part murder mystery, part revisionist history tale, the film has some spectacularly awful death scenes and totally implausible twists. **RANDY LE ROUX**

****** GAS FOOD LODGING**

Sam Shepard for girls. Set in a God forsaken hole in the New Mexico desert, this working-class fairytale fashioned from life's emotional bare essentials, is more like a series of heartfelt moments than a whole film. While the feminists would have us believe that women don't need men to make their lives complete, director-screenwriter Allison Anders tells us that men and women can't do without each other - especially in the 90s. Ostensibly without much "substance", the director and her actors manage to generate an emotional charge of remarkable intensity. Filmmaking and camerawork is workaday, but performances resonate far beyond the narrow confines of the script and location. **AV**

***** THE PLAYBOYS**

The wages of sin is death, declareth a roadside sign, just in case we didn't know we were in the Irish heartland where the peasants are noble and social mores pre-historic. Grinding poverty and intimations of IRA violence are the stock in trade of Irish filmmaking, but this story of unrequited love is presented with enough subtlety and insight that its predictability is no problem. Robyn Wright as the feisty Tara, Aidan Quinn as the playboyish actor who steals her heart are superb. Albert Finney as the whiskey-soaked policeman dangerously obsessed with Tara, gives a tour de force performance. **AV**

****** DO THE RIGHT THING**

Without doubt Spike Lee's best and most (only) coherent film. Set in the mixed Bedford-Stuyvesant district where the hottest summer in years fuels the fire of racial bigotry between Italian Americans and African Americans. Lee himself plays Mookie, a surly pizza delivery man who has a love-hate relationship with his employer Sal (Danny Aiello), the owner of the pizza joint. He also has a love-hate relationship with the mother of his child. Those who would call Lee a bigot and a sexist need only to cast their minds back to the recent racial conflict between African Americans and Hassidic Jews in New York: the director is ultra-perceptive and remarkably incisive in his observations of the nasty side of human nature. **AV**